Vir die

Senior Sertifikaatseksamen 1937

DEEL II van

U Dienswillige Dienaar:

My Aandeel aan die Taalstryd

DEUR

C. J. LANGENHOVEN

(Alle Regte Voorbehou)

NASIONALE PERS, BEPERK, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria
1935

39.3609
LAN

U Dienswillige Dienaar

Twee Stukkies Rekenskap —

I. DIE WORDING VAN 'N SKRYWER

EN

II. MY AANDEEL AAN DIE TAALSTRYD

Deur

C. J. LANGENHOVEN

[*Alle Regte Voorbehou*]

Derde Druk

NASIONALE PERS, BEPERK, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria
1935

Die twee dele van hierdie boek het oorspronklik reeksgewys in DIE HUISGENOOT *verskyn...*

Geen resensie word gevra nie.

As 'n geringe blykie
van erkentenis
vir troue diens en toewyding
deur baie jare
en met die hulde van innige vriendskap
opgedra
aan
MEJ. SARAH GOLDBLATT

71/2854

NASIONALE PERS, BEPERK
KAAPSTAD

INHOUD

DEEL II

HOOFSTUK		BLADSY
I.	Inleiding	133
II.	Ontwaking en Geleëntheid . . .	144
III.	'n Paar Aanhalings	156
IV.	Lid van die Provinsiale Raad . . .	178
V.	Die Afrikaans-Mosie	189
VI.	Agteruit en Vooruit	205
VII.	Weer Roepende in die Woestyn . .	223
VIII.	Die Grondwettelike Slagboom . . .	234
IX.	Opsomming en Slot	249

Deel II

MY AANDEEL AAN DIE TAALSTRYD

Hoofstuk I

INLEIDING

In Deel I van hierdie boek, waarin ek probeer het om rekenskap te gee van die lewens-invloede op my wording as skrywer waarvan ek bewus is, het ek by wyse van inleiding vooraf opgemerk dat my beroeps-lewe, my huiselike lewe, en my persoonlike lewe van geen groter openbare belang kan wees as die van enige ander mens nie, maar dat ek in drie hoedanighede voor die publiek en as publieke dienaar opgetree het "en enige rekenskap daarvan of in verband daarmee, hoef nie noodwendig beskou te word as 'n origheid nie." Die drie soorte diens was my bedrywighede as politikus, as vegter vir Afrikaans, en as skrywer.

Van die laaste-genoemde van die drie is die rekenskap wat ek te gee had, met die genoemde sketse voldoende afgehandel. Ekself sal wel nie daar byvoeg nie; as ander dit ná my doen, waarsku ek vooraf dat dit onvertroubaar sal wees. Van onjuisthede wat voor en teen my, en veral teen my, gesê is in my lewenstyd, toe ek nog daar was om een uit die honderd te weerspreek, het ek genoeg onder-vinding gehad om nie hoopvol te wees omtrent die nou-keurigheid van wat daar ná my dood sal te sê wees nie. Maar met waarskuwing en al verwag ek nie dat ek selfs in die graf met rus sal gelaat word nie.

Betreffende my eerste-genoemde publieke diens, die van politikus, moet ek maar nog die saak laat by wat ek in die gemelde Inleiding gesê het.

Daar bly dan die derde diens — die tweede-genoemde — my aandeel aan die Afrikaanse taalstryd. Omdat dit so nóu-verbonde is met my werk as skrywer, en omdat die vorige reeks sketse by hulle eerste verskyning 'n mate van openbare belangstelling getrek het wat vir my 'n verrassing was, het ek gedink om nou maar ook met daardie reken-skappie voor 'n dag te kom. Wat hier volg sal maar weer skrale sketse wees; en ek vrees ek moet in een opsig die leser vooraf op teleurstelling voorberei. Uit die aard van die onderwerp volg dit dat hier nie, soos in die vorige tekeninkies, veel van 'n persoonlike element met die kleure van lewe en gevoel kan bygeskilder word nie. Hierdie beskrywing sal grotendeels van die gehalte van 'n blouboek wees. Maar as hy minder aantreklik sal wees, sal hy onver-gelykelik meer belangryk wees. Die eerste deel was 'n persoonlike verhaal; hierdie deel bevat 'n stuk volksgeskiedenis van so groot betekenis dat die persoon van die deelnemer tot onbeduidendheid krimp.

Maar vooraf sal die leser my 'n paar algemene opmerkings vergun. Ons wat vandag hier staan, met die vrugte van die volle oorwinning voor ons, om maarnet te pluk en te geniet en te benuttig vir die krag van ons lewensdiens aan ons volk en ons vaderland, met Afrikaans as *de facto* en *de jure* die erkende taal van Hollandssprekende Suid-Afrika vir elke doel en op elke gebied — selfs diegene van ons wat van die begin af die omwenteling deurleef het, ja, help deurmaak het, vind dit vandag onmoontlik om 'n besef te vorm, wat nie lyk na 'n drogdroom uit 'n nooit-gewese werklikheid nie, van die toestand waarin ons verkeer het en waaruit ons ons in so weinige jare ontworstel het. Dit help nie om alte jonge lesers hier toe te spreek nie; hulle weet nie van die nag wat verby is nie; hulle is in die daglig gebore. Maar jy, my ouer vriend — en jy hoef nog gladnie

so oud te wees soos ek nie — kan jy jou eie herinnering glo dat jy in 'n ouerlike huis groot geword het waar daar nie 'n storie-boek of 'n liederbundeltjie in jou eie taal op die rakke was nie; dat jy in jou skool en hoëskool geen nie 'n storie-boekie of 'n liederbundeltjie in jou eie taal op jou kerk verbanne was; dat jy geen kontrak of testament daarin opgestel kon kry nie; dat jy geen getuienis voor 'n regbank daarin kon aflê en daarin in jou besweerde woorde opgeskryf kry nie; dat die aanskrywing, dagvaarding, kennisgewing, proklamasie en wet waaronder jy gehoorsaamheid en verpligting skuldig was, nooit in jou eie taal aan jou gerig kon word nie? Nie nog 'n beskaafde nasie op aarde was in die posisie van jou nasie nie; selfs hier by jou, waar jou staatsgesag en jou kerkgesag jou so behandel het, het hulle die Kaffer in sy eie taal toegespreek. Waar was jou nasionale hoogmoed; waar was jou geestesontwikkeling op jou eie natuurlike weg; waar was jou eerbied vir die woorde van jou mond?

Regtig, die saak was van die Here, en dis wonderlik in ons oë, te wonderlik om ons eie ervaring te glo. So 'n plotselinge en algehele omkeer was onmoontlik; in die lewe van geen ander volk weet die geskiedenis van 'n weerga nie.

En netsoos ons nie vandag die omvang van die omwenteling, stoffelik en geestelik, kan besef nie, so kan ons nie besef wat die aard van die taak was wat daar voor die omwentelaars gelê het om uit te voer nie. As dit net 'n stryd was teen die formele mededinger, Engels, was die oorwinning generasies-terug reeds behaal. Met al die wapens wat hy honderd jaar lank teen ons gebruik het, staatsonderdrukking en skool-monopolie, beroepsvoorwaardes en maataskaplike meerderwaardigheid, die rang van wêreldgrootte en die kultuurkrag van die hoogste letterkundige skatte, kon die Engelse taal teen Afrikaanse mededinging

in Suid-Afrika nooit die oorwig behou het sodra die teë-wapens in Afrikaanse hande Afrikaanse wapens was nie -- dit bewys ons vandag met nog so baie oormagte teen ons. Maar dáar juis was die tragedie van ons wanhoopstryd. Ons eie wapens is van ons weggehou. As doofstommes moes ons ons regsaak verdedig. Met die reinste bedoelings in die wêreld was die handelwys van die pro-Nederlandse anti-Afrikaans-gesindes die van die hond in die krib. Hulle kon self nooit oorwin in 'n stryd waarin hulle stap vir stap niks anders kon doen as om te retireer nie, en vir dié wat wel iets kon doen het hulle in die pad gestaan in die naam van vaderlandsliefde en volkstrou. Ook so 'n ongerymde houding is vandag vir ons bo alle besef onverklaarbaar. Maar hy was daar, oorheersend en doeltreffend om ons vir die vreemde verdringer se voordeel uit ons erfreg weg te hou. Al die invloedrykste voormanne op kerkgebied en op skool-gebied, aan ons eie kant, was venynig teen die Afrikaans-beweging, vyandiger teen Afrikaans as teen Engels. Op staatsgebied was Afrikaans nooit eens, by watter party ook, 'n politieke probleem nie. Ons staatsmanne was onverskillig. En die volk was koud. Hoe kon jy die volk dan ook warm verwag het as hy nognooit die kans gehad het om hom by sy eie vuur warm te maak nie?

Onder hierdie omstandighede het die "Patriot"-beweging aan die gang geraak. En sy kanse was, ónder die omstandig-hede, skoon. Hy had in een opsig 'n onbewerkte akker voor hom om van nuuts af te besaai. Die plattelandse bevolking waarop hy sy beroep te doen had, was sonder skole opgegroei en dus minder verEngels as die later generasie waaronder die later beweging van voor af moes begint. Dit was, om dit sonder minagting so uit te druk, 'n takhaar-beroep op takhare. En weer gelukkig, soos dit aanvankelik gelyk het, was die saamtref van 'n geskikte politieke tydperk. In die

ou Kaapkolonie was daar 'n nuwe politieke ontwaking, en die "Patriot"-beweging het hom daarmee vereenselwig. Maar tot ons onberekenbare skade het daar 'n ramp gevolg. Deur die bolmakiesie van die leier van die beweging het die ineenstorting van sy politieke invloed die taalbeweging saam onder een puin begrawe. En dit moes ons verwag het — had ons ag geslaan op die woorde van Christus. Soek eers die koninkryk van die hemele, het Hy gesê, en die ander dinge sal jou toegegooi word. 'n Beweging waardeur 'n volk bestendig beweeg sal word, moet rein-idealisties begint anders is hy gedoem.

Ook regstreeks was die "Patriot"-beweging nie idealisties hoog-besield nie. In sy geskrifte was daar geen diepte en geen gloed nie. Die werk wat daar gedoen is, tref ons vandag soos die werk van kinders, gebrekkig aan skoonheid, aan kennis, en aan vernuf. Met so 'n gehalte van propaganda vuur jy geen volk tot onstuimige geesdrif aan nie.

So is daardie beweging dan doodgeloop met al die nadele van die soort mislukking wat jou in 'n swakker posisie laat as waarin jy sonder die poging sou gewees het. Maar toe kom die destydse Engelse Tory-Regering met 'n dwase kortsigtigheid wat ver van kenmerkend was van Engeland se gewoonlik takvolle, en daarom suksesvolle, imperiale beleid. Die tweede Anglo-Boere-oorlog het die Afrikaanse volksgevoel om meer redes geskok as net om voorwendsels en om sy metodes. Die Afrikaanse volk het dit ingesien as 'n bestudeerde veragting en vertrapping van die volksiel. En daaruit is die nasionalisme wat besig was om uit te sterf, tot 'n splinternuwe lewenskrag herbore. En daaruit is die besieling tot die laaste en beslissende Afrikaans-beweging voortgevloei.

Maar nog was die geestelike voormanne vyandig, nog was die politieke leiers onverskillig, nog was die volk met die moontlikhede van sy eie taal onbekend. Hoe sou jy hulle

leer swem as hulle nooit naby die water moes kom nie? Die taak dan voor die nuwe hervormers was om die gesagsleiers wat vyandig was òf te bekeer òf uit die pad te stoot; om die volk te beweeg deur propaganda en deur praktiese bewysvoorbeelde dat sy taal sy aangekondigde roeping wêrd was; en om die nodige gesagserkenning en gesagsgebod deur die wetgewing voorsien te kry.

Van die drie essensiële hoofmiddels is daar, wat omvang betref, met die gewigtigste — die daadsakelike bewys deur skryfwerk te lewer dat Afrikaans skryfwaardig was — aanvanklik min gedoen. Daar het vroeë werk te voorskyn gekom, soos van Jan Celliers in een rigting en van Jannie de Waal in 'n ander, wat oortuigend genoeg was, maar daar was te min daarvan. Afrikaans moes nie net instaat wees om deur 'n stuk of wat skrywers gebruik te word nie; hy moes bewys dat hy 'n vloed van skrywers, en op elke moontlike skryfgebied, kon besiel tot geesdriftige aanvaarding.

Die ander genoemde vereiste, die nodige wetsbepaling, is beskou geword as 'n droom-vooruitsig om verwesenlik te word in die deinsige toekoms deur wie weet hoeveelste nageslag van ons agterkleinkinders. Nooit is daar aan 'n parlementêre kandidaat 'n vraag gestel of hy hom in so 'n rigting sou beywer nie; nooit het die ou Afrikaner-Bond, of welke ander politieke party ook, op die gedagte gekom om die erkenning van Afrikaans as 'n doel van sy program van beginsels te stel nie. Die *woord* "moedertaal" ja, die is genoeg gebruik — die eerste beginsel van politieke wysheid bestaan in vernuftige woordekeus — maar die bedoelde "taal" was nie die daelikse praatding nie; dit was die aangeleerde, en sleg-aangeleerde, skryfding en preekding en bidding en singding en gebodsding. Nederlands wás nou maar ons moedertaal, al het niemand hom ooit gepraat nie, en elke demagoog kon daarmee demagogel omdat die volk

nooit van sy eie voorgangers 'n ander voorskrif of voorbeeld gekry het nie as wat hom moes wysmaak en wyshou dat dit maar deur sy agterlikheid en ongeleerdheid was dat hy hom vir alledaagse doeleindes van so 'n niksbeduidende tongvalletjie bedien het. Dus soiets as 'n politieke beweging met die oog op wetgewing was daar gladnie. Beide voorstanders en volgelinge in die Afrikaanse taalstryd was te verstandig om hulle saak deur onbesonne voortvarendheid te benadeel. Ons moes eers baie-baie verder vorder voor ons dit kon waag om aan ons verteenwoordigers in die wetgewing te sê: "Sit nou julle seël op ons werk." Ja, ons moes nog eers lank aanhou om langsaam te haas voor ons selfs sovér was dat die vermufte ou teëhouers niks anders meer had nie as om ons tot voortsetting van die stadige vinnigheid te vermaan. En so sou ons, *lente festinantes*, vandag nog, in Tobie Muller se woorde, vinnig stilgestaan het as die saak in die hande van die versigtigheid gebly het. Om hom die een stootjie te gee wat hom aan die rol sou sit om daarvandaan verder met sy eie onkeerbare krag voort te donder oor alle hinderpale heen, was daar 'n man sonder politieke wysheid of bedaardheid van beleid nodig, the fool rushing where angels feared to tread.

Ek onthou hier, terloops, my ontmoeting met Dr. Tobie Muller. Ek had spesiaal na Stellenbosch gegaan om hom te sien, en hy het my genooi om by sy ou-mense die aand saam te eet. En daar aan die tafel het die ou eerbiedwaardige vader, Professor Muller, die opmerking gemaak: "Wanneer die tyd daar is, sal die Here sorg dat die manne daar is." By altans een van hulle vind ons weer 'n voorbeeld dat dit maar die Here se óu manier is om onwaardige gereedskap vir Sy diens te gebruik.

Nou wat daar dan gedoen is, teenoor wat daar nagelaat of uitgestel is, deur die voorvegters van Afrikaans, was om

propaganda te maak. En ek wil daardie propaganda-werk geensins geringskat nie. Vernamelik, as ek een mag uitsoek onder ander verdienstelikes, gryp ek met gretigheid die geleëntheid aan om die naam te noem van 'n man wat as skrywer, as joernalis en as parlementslid, nog ver nie vir wat hy vir die Afrikaanse taal gedoen het, na verdienste waardering ontvang het nie. Toe ons ander nog geslaap het, was Jannie de Waal wakker; toe ons van tyd tot tyd moeggeword het, het hy volhard, konsekwent, van sy jong dae af, sonder berekening van voordeel of nadeel vir sy beroep of vir sy ambisie, het hy vir Afrikaans geywer. Dis my 'n voorreg om hier te erken dat hy in die Volksraad voortgebeur het toe ek, destyds sy kollega daar, teëgehou het.

En dan moet ek melding maak van die werk van die A.T.V. in die Suide en van die A.T.G. in die Noorde. Van geeneen was ek ooit lid nie — inteëndeel, toe die V. en die G. op hulle bedrywigste was, was ek besig om, tussen Nederlands en Engels kiesende, pro-Engelse artikels te skryf en Afrikaans opsy te laat as sonder moontlike toekoms. (In die Aanhangsel by die vorige Deel het ek my destydse houding uitgelê, en dis nie nodig om daar nou verder op in te gaan nie; maar ons is nie daarmee klaar nie.) Ek sê weer, die werk van die A.T.V. en van die A.T.G. was verdienstelike en noodsaaklike oortuigingswerk. Maar soos ek probeer het om aan te toon, blote propaganda kon jou nie end-uitbring nie. Die gevaar was daar dat die mense naderhand sou moeg word vir die A.T.V. en A.T.G. en hulle kongresse en hulle oor en oor herhaalde argumente — al had die teëparty geen antwoord daarop nie. Dit sou naderhand gelyk het na die baie verenigings van cranks vir hierdie of daardie onpopulêre doel, anti-inenting of afskaffing van die doodstraf of spook-oproepery, en dergelyke. Mense sou die agitateurs maar met 'n glimlag en sonder

eens die hulde van teëstand laat begaan het. Dit was nodig dat daar 'n nuwe ding sou gebeur, 'n nuwe stap buitekant die ou pad sou getrap word. Dit was 'n baie klein stappie, maar dáár was die keerpunt, die uitdraaiplek. En daarvandaan het die A.T.V. en A.T.G. opgehou om te bestaan, was daar ook geen verenigings of genootskappe meer nodig nie. Voortaan kon Afrikaans sonder voorvegters klaarkom. Hy moes maar net die slotte en grendels afgegooi hê by die ingang van een enkele van die baie werkkamers vanwaar hy nog altyd verbanne was uit die diens van sy volk, en die punte van sy tone oor die drempel inkry, om daarvandaan die hele verbooie gebied met sy eie krag te verower. Daar is niks meer nodig vir die suieling nie as om hom by die bors te bring.

In die stukkies wat volg sal ek iets vertel van die aandeeltjie wat ek bygedra het tot die Afrikaanse taaloorwinning. Maar daar is een half-onregstreekse bydraag wat ek volledigheidshalwe moet meld hoewel ek hom nie kan skat of omskryf nie. Dis van die *imponderabilia* waardeur op die óu end die wêreld geregeer word.

Ek het gepraat van propaganda wat nodig was, van wetgewing wat nodig was, en van daadwerkelike bewys wat nodig was dat Afrikaans toereikend sou wees vir die doel waarvoor ons hom aanbeveel het, dat hy die draagkrag had om al die laste van wetenskap en kennis en kuns en kultuur te dra vir siel en liggaam van owerheid en onderhorige, waarvoor die volk hom sou inspan. Deur propaganda alleen kon so 'n bewys nie gelewer word nie; propaganda is teorie. Wys my hoe die masjien werk; as hy werk, is jou advertensie oorbodig; as hy nie werk nie, is dit nutteloos. Maar om die werkvermoë te wys, en met die nuwe masjien aan te gaan en die oue af te skaf, was dit nie genoeg om hier en daar met 'n gedig of 'n roman of 'n toneelstuk of

'n verhandeling te kom en te sê: "Jy beweer dat die taal nie deug nie — kyk hier, dis die werk waartoe hy in staat is." Want die masjien moes meer wees as net dryfbaar in die hande van 'n klompie ekspert-ambagsmense. Hy moes 'n volksmasjien wees om oral en deur almal aangeneem en gebruik te word. Met ander woorde, die hele volk moes Afrikaans lees en Afrikaans skryf, die Afrikaanse skryftaal op prys stel, hoogmoedig daarop wees, dit in sy hart liefhê. Anders was al jou wetgewing en erkenning ydel en jou formele oorwinning 'n vrugte-oes van die Dooi See.

Nou hierdie oorwinning, groter as daardie ander, want dis 'n verowering van die siel van die Afrikaanse volk, ook die is behaal, en diegene wat hom behaal het en die wonder-droom tot verwesenliking gebring het, is ons joernaliste en skrywers wat dit reggekry het om so te skryf dat hulle die volk laat lees het. Gelukkig is dit vir my hier onnodig om op die onbeslisbare en vrugtelose bespreking van letterkunde of nie letterkunde nie in te gaan. Wat nodig was vir hierdie doel, om van 'n onlesende volk 'n lesende volk te maak, was om so te skryf, kuns of nie kuns nie, dat die volk se aandag en belangstelling sou aangetrek, gedwing, betower word. En ek praat nou van die middels wat daartoe aangewend is en in weinige jare doeltreffend geblyk het — soos die uitslag bewys. Onder daardie bende van bydraers tot die Afrikaanse oorwinning, die leesluskwekers, is dit die roem van my lewe dat ek die reg het om myself te skaar. Van al my bydragies was dit die grootste.

Met die oog op die opskrif van hierdie reeks is dit so goed as oorbodig om 'n uitleg te gee waarom ek die bydrae van ander deelnemers aan die stryd nie meld nie. Ek beskryf nie die geskiedenis van die beweging nie — dan trouens sou ek, as 'n blote saak van smaak, verplig gewees het om my eie aandeel soveel as moontlik op die agtergrond te plaas om

nie die skyn te gee van aanmatiging nie. En selfs dan was dit heeltemal moontlik dat ek ander sou veronreg het deur, uit onkunde, te min te sê van hulle verdienste.

Buitendien het ek in my diens, so goed en so swak, so min en so veel as dit was, 'n eensame voor geploeg. Ek was deelgenoot van geen organisasie nie; buiten op die end had ek geen maat of medewerker nie. Met die werk van die A.T.V. en die A.T.G. was ek nie eens bekend nie; ek het nooit die verslae van hulle verrigtings gevolg nie en hulle had geen invloed op my nie. Daarom praat ek in wat volg so te sê uitsluitelik van my eie persoonlike aandeel aan die taalstryd.

Hoofstuk II

ONTWAKING EN GELEËNTHEID

In my vorige sketsies, "Die Wording van 'n Skrywer," het ek nadruk daarop gelê dat ek eers teen my veertigste jaar tot besef van my lewensroeping gekom het. As 'n soort uitleg van so 'n lank-vertraagde ontwaking het ek gemeld dat daar by my geen dryfveer was nie. Vir 'n geldmaker of besigheidsman was ek nie aangelê nie, of ek sou in die versameling van rykdom 'n lewensdoel kon gevind het. 'n Ambag, al was dit timmermanswerk soos dié van my Pappie, het ek nie geleer nie anders dink ek sou die beoefening daarvan die lus van my lewe gewees het; van kleins af, en daarom het ek alleen gespeel en nie met maters saam nie, was dit my grootste genot om dinge te maak, om die vormlose onder my hande te laat vorm aanneem as 'n nuwe skepping. Aan 'n godsdiens-ideaal sou ek my met die geesdrif van 'n dweper toegewy het, maar instede daarvan het my intellektuele groeijare met dwase geloofstwyfel en geloofstryd verloop. En dit was 'n dommigheid — roekeloosheid was dit nie; inteëndeel, daar was by my 'n oormaat van erns — nee, 'n dommigheid wat vir my vandag onverklaarbaar lyk. Ek had mos Christus se leer voor my van kinds af — waarom het ek nie na Hom geluister en agterna-gemaakte aanvullings en byvoegings wat vir my onaanneemlik was, veronagsaam nie? Die ideaal van vaderlandsliefde het ook ontbreek want my hele skoolstelsel en hoëskoolstelsel was daarop toegelê om my trou te verkrag, en my latere

beroepslewe, Engels van medium in kantoor en hof, deurdring van Engelse regs-opvattings en staatsteorieë, het my in dieselfde een rigting beïnvloed. Dat ek nie deur die aanpaksels heen my natuurlike instink van binne laat geld het nie, was weer nie deur onverskilligheid nie — ek was my lewelank 'n dinker — maar deur dieselfde verregaande dommigheid wat vandag vir my onverklaarbaar is. (Ek moet egter nie misverstaan word nie — ek was aan die kant van die politiek wat toe die nasionale kant was, sovér as dit dan hier in die ou Kolonie en in my geweste gegaan het. Ons was almal aan die regte kant maar sonder vuur.) Eindelik, eersugtig tot inspanning en opoffering toe was ek ook nooit. En so was ek drywende, sonder stoom, sonder kompas, sonder roer, sonder anker.

Uit hierdie slaap soos van die dood is ek wakker geskok deur aanvalle. En die ding het baie snaaks begint. Toe die Unie-beweging aan die gang was, het ek as een van die afgevaardigdes van Oudtshoorn — in 1908 of daar ergens — 'n landskongres op Johannesburg bygewoon en daar 'n toespraak gehou, in Engels natuurlik, wat aandag getrek het, komende van 'n onbekende niksbeduidende. Daarná het ek my bietjie met die vraagstuk van unifikasie besig gehou, en onder ander het my gedagte op die taalvraagstuk te lande gekom. Daar was 'n tydelike tydskrif, "The State," met fyngeslepe Engelse taktiek ontwerp en gedryf, om propaganda te maak vir die soort Unie wat na daardie kant se sin sou wees. En daarin het 'n artikel van my verskyn oor ons tweetalige probleem wat soos 'n bom ontplof het. Die Engelse was in hulle knoppies; ek had hulle standpunt, die besware teen staats-gedwonge tweetaligheid, beter verdedig as wat hulle dit nog ooit self gedoen het. (Terloops, sulke kordaatstukke soos hierdie moes vir my my roeping as skrywer geopenbaar het, veral dewyl daar destyds nognie

'n gesag was om my te leer dat die vermoë om aandag te span deur boeiendheid van styl die teenoorgestelde is van letterkundige kuns nie.) Maar hierin het die Engelse hulle baie groot bedrieg. Hulle het nie besef dat ek besig was, nie om hulle vyand Afrikaans nie maar om hulle bondgenoot Hooghollands, aan te val. En terwyl ek hierbo volmondige belydenis van my dommigheid afgelê het, behoort dit my vergun te word om hier 'n bietjie eielof aan my vernuf toe te swaai. Van die begin af dat ek my aandag aan die saak gegee het, het ek met volkome helderheid ingesien dat die stryd in die eerste plaas nie teen Engels was nie maar teen die onbruikbare, onleerbare, in Suid-Afrika mors-dooie Hooghollands wat juis in die Engelse voordeel was omdat hy met sy plaselik lompe magteloosheid self nie teen Engels kon stry nie en net in die pad gestaan het van die regte aanval wat sou slaag. En daarvandaan, as 'n onverbiddelike logiese noodsakelikheid, en dit sal weer en weer blyk uit wat volg, was 'n groot deel van my stryd vir Afrikaans nie soseer 'n stryd teen Engels nie as 'n stryd teen Nederlands. Ons was naastenby almal — hoewel destyds uit die verte en nie deur regstreekse aansteek in die buiteland nie — Dietse dwase, bang om 'n woordjie teen die kunsmatige Nederlandse dwang te sê, vasgegroei aan die handige verwarring van die dubbelsinnige "moedertaal"-voorwendsel. Daar was iemand nodig om die verwarring te ontwar.

Soos die Engelse blaaie die "State"-artikel opgehemel het en stukke-stukke aangehaal het dwarsdeur die land, so het die Hollandse — Nederlands-Hollandse, natuurlik — my aangeval. Ek was dan die Jingo-renegaat wat teen ons "moedertaal" te velde getrek het om die Engelse welbehaaglik te wees, terwyl ek in die werkelikheid ons *moedertaal* gladnie bespreek het nie, buiten in 'n tussen-paragrafie van hoë waardering. Afrikaans was nie by die bespreking ter

sake nie; hy was nog nooit naby die slagveld gebring nie. En van daardie aanval af dateer my besieling om vir Afrikaans te stry. Dit het die mokerhoue van my party-genote en kant-genote gekos om my warm te maak. En die geveg wat gevolg het, het self gesorg dat die warmte nooit weer afgekoel het nie. Had die Engelse minder gejuig en die Dietsers minder gevloek oor my stuk in "The State," dan heel moontlik was Langenhoven vandag nog in die geregshof besig met ander mense se privaat rusies en in sy kantoor met die besteding van sy kunstelose skryftalent aan die opstel van Engelse en Hooghollandse testamente en kontrakte. En sy boeke sou nie daar gewees het vir die gebruik van die volk en tot gruwel vir die kunsgesag nie. En ons sou nie die vermaaklikheid gemis het van nog altyd voortdurende luidrugtige A.T.V.- en A.T.G.-Kongresse nie.

Maar hoewel die dryfveer nou daar was, het die geleëntheid ontbreek. Af en toe het ek met die armsalige "Ons Land" baklei — die blad wat met vreeslike grootmoedigheid aangehou het om te betuig: "Onze houding tegenover het Afrikaans is niet een vijandige." Elke slag het ek hulle kafgeslaan, en daartoe was geen danige bekwaamheid nodig nie — al die argumente was aan my kant en daar was geen antwoord op nie al had my stomme teëparty hom ook nie belemmer met 'n sukkelmedium wat selfs vir die uitdrukking van redelike betoë in sy hande ondoeltreffend sou gewees het nie.

Destyds had ons hier in Oudtshoorn, aan ons kant van die politiek, 'n tweemaal-weeklikse, tweetalige nuusblad, "Het Zuid-Westen," wat, as ek reg onthou, tydens of net voor die laaste Anglo-Boere-oorlog tot stand gekom het onder die bekwame redakteurskap van meneer Nico Hofmeyr. Die Hollands daarvan was natuurlik Nederlands, wat meneer Hofmeyr oneindig beter as die gewone kosterlike

vorm kon hanteer. Maar met al sy behendigheid as skrywer het meneer Hofmeyr nie die Teems aan die brand gesteek nie. Die mense het gelees wanneer die inhoud hulle belangstelling getrek het, soos wanneer daar plaselike rusies of algemene politieke sensasies was. Maar gelees vir die plesier van lees het hulle nie, natuurlik nie, netsomin as wie ook ooit "Ons Land" of enige ander sogenaamde Afrikaanse blad vir sy plesier gelees het. Die joernaliste was almal te dom om hulle eie belang raak te sien. In alle geval, daar het omtrent nooit 'n Afrikaanse woord in die "Het Zuid-Westen" voorgekom nie.

Nadat meneer Hofmeyr bedank het, om 'n ander werkkring te aanvaar, het daar van tyd tot tyd verwisselings van redakteurs plaasgevind. By een so 'n verwisseling het ek, onder een of ander gril, aansoek gedoen vir die redakteurskap, maar ek glo daar was nie een van die direkteure wat my in aanmerking wou neem nie. Afgesien van die ongeluk dat dit my noodlot is om, ten spyte van oorvloedige liefderykheid van my kant af, makliker vyande te maak as vrinde, was daar twee hoofbesware teen my aanstelling, het ek verneem. Die een was dat ek daarop sou staan om te skryf wat ek wil en nie wat my voorgesê word nie. En hierdie beswaar was 'n regvêrdige en 'n gegronde. Die ander beswaar was dat ek te slim was; en hierdie beswaar was 'n onregvêrdige, 'n ongegronde en valse. en snode laster. Hemel. Daar is nie 'n skrywer of 'n spreker wat my in eenvoud en helderheid oortref nie; teen alle vorms van subtiliteit en kasuïstery en sofistery het ek 'n ewige renons. Ekself vind dit onmoontlik om te beslis met watter klas mense ek nog die meeste sonde in my lewe gehad het, die dommes of die slimmes.

In alle geval, ná ek onthou nie hoeveel verwisselings nie het meneer J. H. Malan (later die skrywer van "Boer en

Barbaar," "Die Opkoms van 'n Republiek" en ander werke) redakteur geword. Hy was 'n oortuigde en hartelike Afrikaans-voorstander maar 'n seer verstandige en voorbeeldige langsaam haastende. Ook hy het op die ou sukkelpad aangehou. Gedurende sy tyd het daar af en toe stukkies van my in die "Het Zuid-Westen" verskyn, meeste by eleksie-tye, en almal of in Engels of in Hooghollands. Later — dit was ná die ontwaking — het ek "letterkundige" stukkies in Afrikaans bygedra — enkele daarvan is in my "Stukkies en Brokkies" herdruk, 'n stuk of wat het oorgeloop tot vandag toe in "Ons Weg deur die Wêreld."

Hier moet ek inlas dat daar destyds ook stukke van my in "de Volkstem" verskyn het. Snaaks genoeg, was die aanleiding daartoe ook my berugte artikel in "The State." In sy breedvoerige kommentaar op daardie stuk het die "Volkstem" (vergun my tog maar die "die") my met meer eerlikheid behandel as sekere ander Hollandse blaaie en daarvoor het ek aan die redaksie 'n persoonlike brief van dank gerig. Die gevolg was 'n uitnodiging om bydrae aan die "Volkstem" te stuur, waarop ek geantwoord het dat ek my voorgeneem het om geen Hollands ooit weer te skryf as dit nie Afrikaans kon wees nie. Maar buiten my wete was Afrikaans al baie verder in die pers gevorder daar in die Noorde as hier by ons in die Suide. Toe die redaksie dit aan my uitgelê het, het ek gereëld bygedra, en onder dieselfde aanleiding het ek naderhand tot "die Brandwag" bygedra (tot Dr.——— . . . laat ek maar sy naam verswyg* hy is geen onsterflikheid deur my bemiddeling wêrd nie . . . my met tipiese Diets-akademiese dom-astrantheid daar kwaad gemaak het). Onder ander het daar op hierdie wyse

*Sekerlik bedoel ek nie die liewe Dr. W. M. R. Malherbe wat redakteur van "die Brandwag" was nie.

in die "Volkstem" verskyn "Wysheid uit die Rooi Kole," "Twee Oues van Dae," "Die Kluisenaar van die Karroo," en "Meester," almal later opgeneem in "Ons Weg deur die Wêreld."

Ek meld hierdie skryfwerkies, die eerstelinge van my nuut-ontdekte vrugbaarheid, hoewel dit niks met die regstreekse Afrikaanse taalstryd te doen had nie, omdat dit die pad vir my skoongemaak het om op die gesette tyd selfs by die direkteure van die "Zuid-Westen" in aanmerking te kom as 'n moontlike redakteur, en my dus die wapen in die hande laat kry het om aan die taalstryd deel te neem.

Maar omtrent daardie selfde tyd het ek 'n verder kans gekry. Dit het so getref dat meneer Malan vir 'n maand op verlof gegaan het, en sonder om as redakteur waarnemend op te tree, is ek gevra om gedurende sy afwesigheid die hoofartikels te skryf. Dit was net die tyd van die Hervormingsfees, en ek het die geleëntheid te baat geneem om in 'n reeks artikels 'n aanval te maak op die Roomse Kerk — 'n soort ding wat ek vandag nooit sou droom om te doen nie — en waaragtig nie omdat ek in die tussentyd Roomsgesind geword het nie. (Tussen hakies, daar was 'n liewe ou priester wat, begryplikerwys, aanstoot geneem het en geskryf het om te vra of ek tog nie vir hom 'n vertaling van die artikels wou maak nie, want hy kon nie alles daarvan verstaan nie. Daarop het ek hom geantwoord dat, aangesien die "Zuid-Westen" tweetalig was, ek gewillig was om, met melding van sy versoek, 'n volledige vertaling van die reeks artikels in Engels daarin te publiseer. Maar ek het nie verder van hom gehoor nie.)

Die punt egter is nie die inhoud van die gemelde artikels nie, maar dat hulle in Afrikaans was — die eerste Afrikaans wat ooit die redaksiekolomme van "Het Zuid-Westen" ontheilig het. En die mense het gelees en die lees was

vir hulle 'n openbaring. Selfs die direkteure het tot ontnugtering gekom. Toe meneer Malan as redakteur bedank het, vroeg in 1912, het die direkteure my aansoek met volhartige gewilligheid aangeneem. Al die tyd had hulle die man nie geken nie; nou uiteindelik had hulle tot die ontdekking gekom dat hy die onletterkundige slag had om so boeiend-eenvoudig en aantreklik-helder te skryf dat 'n mens jouself nie kon keer nie; jy lees agter jou lus aan. "As ons ons koerant wil gelees hê," het hulle wyselik geredeneer, "moet ons daardie man kry om hom te redigeer."

En van toe af het die land gedreun — want die nuut-herbore "Zuid-Westen" was spoedig wyd en syd bekend as 'n blad met 'n lewende persoonlike siel daarin — van toe af het die land weergalm van Afrikaans-propaganda-krete soos nooit tevore gehoor was nie. Die nuwe redakteur wis waar hy wou heen; hy had die logiese aanval-punt raakgesien en daarop het hy gekonsentreer met 'n vuurspuwende geesdrif, somtyds met 'n woeste geweld van onbeteuelde taal, wat vir geen gesag of tradisie of rang of stand teruggedeins het nie. Moenie glo dat ek destyds die sagte, nederige, bedaarde skrywer was, sleg van goeïgheid, wat ek in later jare geword het en tot vandag toe gebly het nie. Terwyl die teëparty dan nie na redelike argumente wou luister nie het ek hulle, of dit predikante was of professore of politieke leiers of wie ook, met blokke gegooi en met pikstele geslaan en dinamiet-bomme onder hulle ontplof. Wanneer ek vandag in die ou lêërs van die "Zuid-Westen" terugblaai, rys my hare. En my direkteure het my ongehinderd gelaat — watter moleste en pestakels die redakteur ook mog pleeg, ons het nou 'n koerant wat gelees word. (Net eenmaal was daar 'n geskil tussen my en 'n direkteur, en die afloop van die saak was dat nie ek nie maar hy bedank het.)

Maar 'n beter woord as dit is nodig en ek gryp met baie groot genoeë hierdie geleëntheid aan om hom hier in te sit. My direkteure, op die een ná waar ek van gepraat het, was gewone tipiese boere-mense van die dikwels sogenaamde onontwikkelde stand, met al die konserwatisme en bekrompenheid en vooroordeel wat voortdurend aan daardie stand nagegee word. Deur al die jare van my voorgangers se diens was hulle gewend gewees aan 'n deftige, waardige, bedaarde, droog-ernstige nuusblad, sonder ooit 'n ligsinnige glimlag op sy sombere gelaat, sonder buitensporigheid van aanval op 'n vyand, sonder gekrap aan die seerplekke van 'n vriend, sonder verstoring van óu vasgewortelde sentimente en tradisies. En nou kom hier 'n wilde woeste ketter-rebel om hier te skater en daar te skel, fatsoen te trotseer, te trap op dit traak hom nie wie se tone nie, te sê wat hy dink wat reg is sonder om hom oor gevolge te bekommer. En nooit het daardie boere-mense die minste poging gedoen om aan my te dikteer nie, nooit, al was dit dikwels hoe onverenigbaar met hulle oortuigings, van my verwag dat ek myne sou verloën of verswyg nie. Ek gaan nie op die vraag in of gewone nuusblaaie op hierdie beginsel gedryf kan word nie; my aangaande was die moontlikheid van redakteurskap op enige ander beginsel uitgeslote. Dat daardie direkteure dit verdra het, bewys aan hulle kant 'n mate van eerbied vir 'n ander se gewetens-vryheid en van besef van die eise van verantwoordelikheid, wat as voorbeeld kan dien vir hoër bevoorregtes wat betrekkings van gesag beklee. Aan my kant het ek ver daaraan kortgekom om so 'n vertroue wêrd te wees, maar die resultaat bly dat vir wat daar in die "Zuid-Westen" verskyn het wat daar nie moes verskyn het nie, een man en hy alleen die verantwoordelikheid gedra het, en daarvoor het hy hom aan sy lesers voorgehou.

Met die "Zuid-Westen" had ek my wapen in die hande gekry, en my hart en siel was in die stryd. Nooit tevore en nooit daarná het ek op die lang aanhou so hard gewerk dag en nag aanmekaar nie.

Aanvanklik het ek alleen begint; met die uitbreiding van die blad moes ek hulp kry. Die eerste assistent had met so 'n kragtige aanbeveling gekom van die vorige blad waarop hy werksaam was dat ons onsselwe moes afgevra het waarom daardie mense dan gewillig was om so 'n kostelike man af te staan. Daar het niks groots aan hom makeer nie buiten dat hy van ons land se omstandighede en behoeftes niks afwis nie en geen Afrikaans geken het nie (behalwe om met kensketsende nasionale beterwetendheid aan ons Afrikaners taallesse te leer) want hy was 'n varsingevoerde Hollander; en buiten dat hy, nes 'n vak-unionis, sy eie werkure wou kies. Nadat hy 'n paar maal om half-twaalf op die kantoor gekom het om te sê hy gaan net gou eers brekfis, het ons hom, weer met 'n kragtige aanbeveling, elders heen oor die weg gehelp.

My tweede assistent was 'n Joodse dame, mej. Sarah Goldblatt, tot vandag toe my intieme huis-vriendin en my onskatbare hulp by my werk. Sy het ook nie Afrikaans geken nie maar sy kon dit leer. En ons-twee het gewerk, van die vroeë oggend tot laat in die nag. Ons was die hele staf; ons moes al die proewe lees; al die advertensies en telegramme en kabelgramme vertaal; en ons had 'n sukkelstaf van setters (op een of twee goeies ná) en 'n honderdste-handse drukmasjien met donkie-enjin waarmee ou Caxton vammelewe die eerste boek in Engeland uitgebring het. Ek wou my blad Afrikaans hê maar daar was, behalwe die blaadjie van Burghersdorp, en, as ek reg onthou, "Het Westen" van Potchefstroom, geen ander Afrikaanse blad in die land om vandaan oor te neem nie, sodat ek somtyds

byna die hele koerant self geskryf het of uit my vertalings uit ander bronne aangevul het. Maar ons-twee, ek en die sub, het die ding deurgesien en tweemaal in die week met 'n groot koerant uitgekom. En nooit gekla nie want die werk was ons lus, ons hele hart was daaraan gewy. Want ek het van haar netso 'n Afrikaner gemaak as wat ek self is. En die politiek was bysaak; nuusberigte, rampe en geboortes en sterfgevalle, huwelike en egskeidings, was maar aanvulling; die hele "Zuid-Westen" was nommer vir nommer een aanhoudende dawerende geskal van Afrikaans-propaganda, met teorie en praktyk, met voorskrif en voorbeeld.

Miskien sal dit nie uit die pad uit wees nie as ek 'n woordjie inlas omtrent die eienaardige opvatting van die joernalistiek waarvolgens ek die "Zuid-Westen" geskryf het. Immers dit was die manier waarop ek my wapen gebruik het in die stryd wat bo alle ander belange of oorwegings my hoofdoel was. My koerant het by alle ander koerante afgesteek deur die persoonlike stempel wat hy gedra het. Of dit nou verwaandheid was en of dit beskeidenheid was, ek het toe geweier, soos ek tot vandag toe nog altyd konsekwent weier, om anoniem te skrywe. In my redaksiekolomme het ek "ek" gebruik en nie "ons" nie, en my dus in die posisie geplaas van 'n gewone korrespondent wat sy naam onder sy brief teken. Sekerlik het ek nie geskryf "to express the views of the 'Zuid-Westen'" of wie anders s'n ook nie. Daardeur het ek die prestige van misterie, van 'n soort ongenaakbare godheid wat agter die wysheid van die koerant sit (terwyl dit maklik geen hoër godheid mag wees nie as die kapitalistiese mammon wat die koerant met die siel van die redaksie en al huur om die volk te bedrieg vir sy uitbuiting) — daardeur het ek die waarde van die *omne ignotum pro magnifico* gemis.

Maar (volgens my opvatting; ander mense sien die saak anders in en ek veroordeel hulle nie; hulle kan heeltemal eerlik wees en ek ken genoeg eerlikes onder hulle en ander soorte ook) — soos ek oor die saak voel, het ek my selfrespek behou deurdat ek met wat ek te sê had opelik in die daglig verskyn het met volle persoonlike verantwoordelikheid; ek het niemand uit 'n hinderlaag aangeval of agter 'n heining vandaan uit die donker met klippe en modder gegooi sodat hy nie kon teruggooi nie; vir daadsake wat ek beweer het moes my persoonlike geloofwaardigheid en geen anonieme getuienis nie borgstaan; argumente wat ek gebruik het moes op hulle meriete staan of val sonder voorwendsel van gesag daaragter.

Vir die res was die "Zuid-Westen" met al die onbesonnenheid van sy redakteur geen yellow journal nie. Onbetaamlikheid of die minste suggestie daarvan het nie in sy kolomme voorgekom nie. Daar was geen gesnuffel in mense se private sake om nuusware beter verkoopbaar te maak nie. Sensasie-skeppery om sensasie ontwil was aan die blad vreemd. (Maar natuurlik, mense wat nie aantreklik kan skryf nie moet die aantrekkingskrag elders vandaan haal.)

Met die uitbreek van die Groot Oorlog en die ineenstorting van Oudtshoorn se hoofnywerheid, het die "Zuid-Westen," wat van sy ontstaan af met 'n las van skuld aangesukkel het, nog enige maande gekwyn en toe tot niet gegaan. En daarmee het een van die gelukkigste tydperke van my lewe op 'n end geloop.

Hoofstuk III

'N PAAR AANHALINGS

Ek het gesê dat ek van die "Zuid-Westen" gebruik gemaak het — en ek is my vandag verstom dat my base nie beskou het dat ek van my deur hulle besoldigde betrekking daarop misbruik gemaak het nie — met een groot hoofdoel, en dit was propaganda vir Afrikaans. Na die beste van my vermoë was die blad nasionaal- en algemeen-opvoedkundig. En natuurlik was hy die mondstuk van wat ek maar sal noem die Afrikaner-seksie. Ook was hy 'n algemene nuusblad en nie 'n tydskrif nog minder 'n tegniese of ander partikuliere orgaan nie. Dus was daar besprekings oor munisipale en ander plaselike aangeleënthede; deelnemings aan party-politieke vraagstukke; onbeskeie ingryping in die Botha-Hertzog-geskil (waar ek woes anti-Hertzog was omdat ek beskou het dat hy binne die party moes gebly het — tot die groot oorlog uitgebreek het en die les in my ingemoker is deur persoonlike vervolging dat dit van my as Dutchman verwag was dat ek rasse-vrindskap moes koop teen die prys van my oortuigings). Dan was daar wetenskaplike artiekels, besprekings van nie-politieke maatskappelike vraagstukke, en 'n menigte letterkundige bydrae — verskeie daarvan later opgeneem in "Ons Weg deur die Wêreld." Hoe op aarde ek vir daardie werk tyd gemaak het by al die roetien-werk met net twee op die staf, begryp ek vandag gladnie. En my inleidings-artiekels was lank — soos my weeklikse "Aan Stille Waters" vandag. (Iemand het eenmaal gekla dat

hulle te lank was; toe het ek hom aan die hand gegee dat hy maar moes lees tot hy moeg word en dan daar stop; maar hy sê die ongeluk is hy kannie stop voor hy end-uit is nie.) Maar dwarsdeur dit alles heen, gedurende die byna drie jaar wat ek op die "Zuid-Westen" was, het die bakleiery vir Afrikaans aangehou. As ek die leser daarvan vandag die bewys moes gee, kon ek dit nie anders doen nie as om die betrokke lêërs voor hom te plaas en te sê: "Blaai deur en sien self."

Wat hom daarby sou tref, soos dit my vandag tref, sou wees: „Waarvoor op aarde was ál daardie vanselfsprekende stellings en gevolgtrekkings nodig? Die dinge moes tog vanself, sonder dat dit hoef gesê te word, by elke redelike mens in die gedagte gekom het." Maar so is dit altyd. Ná die oorwonne stryd lyk dit of die wapens oorbodig was en die inspanning en worsteling onnodig. Ook stry die stryer vir die vergetelheid; wat hy doen is geleëntheidswerk. Sy wapens word op die slagveld begrawe en die gras van die vrede groei dit toe.

Maar terwyl ek met hierdie rekenskap aan die gang is, moet ek darem enigsins 'n voorbeeld gee van die strydmetodes waar ek van gepraat het. Uit al die rigtings waarheen ek moes uitvlie om te spook — want Afrikaans was byna nêrens in gebruik nie, elke terrein van die volkslewe was in besit van die teëparty — kies ek as enkele voorbeeld my pleidooi vir Afrikaans in die Kerk. En van die hele aaneengeskakelde reeks waaruit daardie pleidooi bestaan het, haal ek net twee stukke aan. En ek haal hulle letterlik aan, met al die foute en gebreke waar ek my vandag nie aan sou skuldig maak nie (hoewel daar genoeg ander oorbly). Vir myself is dit interessant om te sien hoe my skryftrant (om nie eens van die spelling te praat nie) en, as ek dit mag sê, my skryfvaardigheid sedert daardie tyd, ontwikkel het. Maar

ek was aan 't sukkel en proefneem en oefen met 'n medium wat ek nooit op skool geleer het nie. As ons skoolkinders van vandag tog kon besef wat hulle voorregte is teen die gruwelike nadele waaronder óns ons opvoeding moes ontvang!

Hier volg dan, so onveranderd en onverbeterd, die eerste van die twee uittreksels. In die loop van die genoemde kerk-reeks het hy as hoofartikel verskyn in die "Zuid-Westen" van 19 Januarie, 1914:—

OPE BRIEF.

Aan Ds.———— ——

WelEerwaarde, Seer Geleerde en Hoog Geagte Heer,

Ik het jou naam opegelaat, jij kan dit maar self invul als jij uit die inhoud van onderstaande sien dat jij die persoon is waaraan dit gerig is. Daar het nou 'n reeksie artiekels in hierdie kolomme verskijn betreffende die hollandse kerktaal van Suid Afrika; hierdie één is voorlopig die laaste, en ik skrijf hom in die vorm van 'n brief om tog als dit mogelik is jou aandag te trek. Wellig het jij die ander nie gelees nie, want hulle was nie in Hooghollands geskrijf nie. Maar nou 'n persoonlike brief moet 'n mens tog lees, al is hij ook opgestel in die veragtelike taal van jou vader en moeder en van jou salaris-bijdragende maar heil-behoevende gemeente — ja van jouself, onderkant en binnekant die franjes.

Kijk, Meneer, ik het die ander dag (soos ik geseg het in die vorige artiekels wat jij nie gelees het nie) 'n gesprek gehad met 'n kollega van jou — 'n jonge dominee aan wie die vernis van die Kweekskool nog verblindend blink. Dit was oor hierdie selfde onderwerp. Ons het hiervan en daarvan gepraat (somtijds met tamelike warmte aan mij kant want die ou Adam is nooit totaal uit mij uitgepreek nie, maar tog in alle vriendskap rondom 'n gesellige koffie-tafel); van die ortodoksie van die priester en die ketternij

van die profeet; van die heilsame maar soms oordrewene konserwatisme van die Kerk; van die kerktaal in hedendaagse Griekeland; van die roomse priesters in die Middel Eeuwe; van die baster Grieks van die Nieuwe Testament; van die palestinase volkstaal in die tijd van Christus; van die skrifgeleerde en fariseers; en van baje ander leersame voorbeelde, almaal herhaald in die vorige, helaas oorgeslane, artiekels. Eindelik het ons gekom bij die *verstaanbaarheid* van die hooghollandse preek vir 'n afrikaans-sprekende gehoor. Maar anderkant die verstaanbaarheid is daar 'n nog gewigtiger vereiste bij 'n openbare toespraak; en oor daardie ander punt is dit wat ik die vrijheid gebruik om aan jou te skrijf. Jij sal die puntjie gauwer raaksien en die belang daarvan ernstiger waardeer als die gewone leser, want jij is 'n geoefende en 'n professionele redenaar. Jij weet dit help niks als die publiek wat jij toespreek hoor en nie verstaan nie, maar jij weet verder dat dit niks help als hulle verstaan en nie voel nie. En die gehoor waarmee jij te doen het, bestaat nie alleen soos ons geseg het, uit Afrikaans-sprekende, maar uit Afrikaans-denkende en Afrikaans-voelende mense. Ons het die punt van *verstaanbaarheid* afgehandel; ons moet gesels oor die punt van *indrukwekkendheid*.

*

Eén van die onderwerpe, Meneer, waarin jij ge-eksamineer werd bij jou admiesie-eksame, om als student tot die Kweekskool toegelaat te word, was die wijsbegeerte, insluitende die vak van sielkunde. Daarna het jij nog verder vier jaar gestudeer en ik veronderstel nie dat jij daardie belangrijke onderwerp bij die ingangspoort van die Kweekskool agtergelaat het nie: ook selfs nie bij die uitgangspoort na die verstrijking van die vier jaar nie, want ik neem dit dat jou studeerkamer sij naam verdien; en watter vak van geleerde studie pas beter bij jou beroep als die sielkunde? Daarom is dit waarskijnlik dat jij mij meer van die beginsels van die sielkunde kan leer als ik vir jou. In alle geval hoef

ik maar net die één grondslag van die siels-bedrijwighede te noem, en jij sal dit dadelik met mij eens wees sonder die nodigheid van argumentasie. Ik bedoel die sogenaamde assosiasie-wette; dat waar twee indrukke éenmaal gesamenlik en gelijktijdig in die siel van 'n mens geval het, dan later is die terugroeping van één daarvan genoeg om vanself 'n beeld van die ander ook te laat herleef. Maar hoe eenvoudig die puntjie nou ook vir jou is, daar is andere lesers van hierdie brief wat nie seer geleerd is nie, en om hulle ontwil sal ik dit met 'n voorbeeld ophelder. Jij ruik skielik die geur van 'n seldsame blom of jij proe die smaak van 'n seldsame spijs. Dadelik denk jij terug aan die plek en die tijd en die omstandighede, met persone en gesprekke en al wat daar voorgeval het, toen jij dieselfde geur of smaak gekrij het. Jij sien jou skuldeiser en meer voornamelik jou skuldenaar, en jij denk dadelik aan die skuld. 'n Hond sien die man wat hom eenmaal kwaad aangedaan het, of die ander hond waarmee hij eenmaal baklei het, en hij word dadelik boosaardig. Op hierdie grondslag van die onafskeidelike verband tussen saamtreffende siele-beelde, is al ons verstandelike denkvermoge gebouw. Daarop rus die werksaamheid van ons geheuge; daardeur is dit vir ons mogelik om onderwijs en opvoeding te ontvang. Als jij die trekdier sien wat ons voor ons karre span, denk jij dadelik aan die woord PERD; en als jij die geluid hoor uitspreek, stel jij jou dadelik die lewendige dier vóor die gees. So ook als jij in plaas van die lewende woord die gedrukte of geskrewe woord PERD voor jou sien, dan denk jij dadelik aan die klank en aan die voorwerp wat deur die klank voorgestel word. Die beeld van die voorwerp en die geaardheid van die klank het in die loop van jou geskiedenis nog altijd als saamtreffende indrukke in jou siel geval, en nou is één van die genoeg om dadelik sij maat ook in die geheuge terug te roep. Daarom kan 'n mens lees: omdat die prentjie wat elke woord maak in jou siel vasgeskakel is met die klank; en daarom kan mense praat en mekaar verstaan

omdat die klanke van die woorde die beelde te voorskijn roep wat deur die woorde vertegenwoordig word. Van mij eerste kindsdage af staan die klank of die woord PERD in verband met die beeld van die lewende dier, en daarom hou ik hulle in mij gees, in mij gedagte, in mij geheuge, in mij siel bijmekaar. So weet mij hond dat sij naam JAKHALS is; als ik seg SAA dat hij moet bijvlieg; als ik seg VOERTSIK dat hij moet padgee; als ik seg KIEP, of OTJIE, of KAATS watter goed hij moet gaan aanval of verdrijf. Die klanke staan in sij eenvoudige honde-siel in verband met sekere beelde waarmee sij lewens-ondervinding hom vertrouwd gemaak het, en hij hou hulle so bijmekaar.

*

Nou, Meneer, hierdie lecture was vir mij ander lesers bedoeld, nie vir jou nie. Soos ik geseg het, jij sal meer van die siels-wette afweet als ik. Maar laat ons nou saam die praktiese toepassing daarvan soek op die onderwerp waaroor ik aan jou skrijf.

*

Dit spreek vanself dat die verbands-drade tussen klank en betekenis, tussen woord en beeld, tussen prentjie en voorwerp, soveel sterker sal wees hoe meer die verband deur herhaling versterk is, en hoe ontvankeliker die siel was toen die verband geleg werd. Die kinderbeelde sit die diepste. Ik sal van die HORSE en van die PAARD al vergeet het, dan sal ik van die PERD nog onthou. Ik kom verder met die PERD als met die HORSE en die PAARD — ik het eerder met hom kennis gemaak. Ik denk nog aan die dage vóor die kapkarre toen ons drie — pappie en mammie en ik — op die ou groen oopkarretjie gesit het. En dan denk ik nie aan die PAARDEN of HORSES wat ons inhad nie, maar aan die PERDE. En mammie is vandag in die graf (als jij mij wil toelaat, Meneer, om naar mij persoonlike

geskiedenis te verwijs; wat tog nie net persoonlik is nie, want dis tiepies van die ervaring van elke ander van mij volk!); ik seg mammie is vandag nie meer daar nie; maar als ik alleen gaan stil sit en ik denk terug hoe ons drie in dié tije gerij het — deur die duine-sand in Riversdal, deur die bakkende droogte langers Olifantsrivier af vóor die koms van die lusern, dan sien ik die kar en perde voor mij, ik hoor die slaan van die draaghout teen die disselboom, ik hoor pappie en mammie gesels: hier en daar hoor ik nog die eigenste woorde: die toon waarop dit geseg is met die glimlag van liefde daarbij. Dit is alsof dit gister was. En die woorde, Meneer, wat ik op die manier nog hoor, verstaan jij mij: hulle is nie hooghollandse woorde nie. En als jij nou vir mij preek, en daar kom van dieselfde woorde en dieselfde klanke in jou preek voor, dan raak jij mij hart aan. Want dit is die oue onbreekbare verbands-draadjies waar ik van gepraat het: dit is die soort draadjies wat ons bedoel wanneer ons praat van hartsnare aanroer. Daar is 'n ander vijool waarop jij kan speel vir mij: die vijool wat ik en jij op die skool en op die kollege geleer hanteer het: maar dis nie die liedjie van mij binnenste hart wat jij daaruit sal haal nie — dit mag mooi wees en harmonies, maar jou diepste gevoel is nie bij die speel nie; en mij diepste gevoel is nie bij die luister nie.

*

Vir die onderwijser, vir die skrijwer, vir die redenaar, soos vir elke andere kunstenaar, en so ook vir jou, meneer, vir jou, prediker, is daar een weg, en één weg alleen om indruk te maak: en dit is om die nieuwe beelde wat jij in die ontvankelike siel wil laat leef, so 'n gedaante te gee dat hulle vanself en onmiddellik vas-pas en vas-voeg aan die oue beelde wat reeds die besitting van die siel is. Jij moet nie nieuwe wijn in ou leersakke gooi nie; jij moet nie ijster-stukke met klei aanmekaar lijm nie; jij moet nie 'n digte voeg verwag tussen 'n krom plank en 'n reguite nie. Jij moet jou nieuwe sloot so aanleg dat die ou gedagte-stroom nie

daarin dam nie maar dadelik sij vorige afdraend loop vind al is dit in 'n nieuwe koers. Vir jou kan alleen die dagelikse weg die weg naar die hart van jou hoorder wees; en vir jou hoorder kan alleen die dagelikse weg die weg naar sij saligheid wees.

*

Meneer, kan jij jou op die aarde 'n musikant verbeel wat tevrede is om so te speel dat hij sij hoorders koud laat? Kan jij jou 'n skilder verbeel wat tevrede is dat mense maar naar sij skilderij kijk soos hulle naar 'n landskaart kijk — al was dit met belangstelling, maar sonder aandoening? En kan jij jou 'n redenaar verbeel wat nie omgee of sij gehoor hom aanluister soos 'n plaaskoper luister wanneer jij hom 'n vendusie-biljet voorlees? Nee, jij hoef jou nie so 'n redenaar te verbeel nie. Daar is sulke wat werkelik bestaan. Jij-self, Meneer, is so 'n redenaar. Jij gooi jou beste gawe en jou beste hulpmiddels weg. Jij kan dadelik die harte van jou hoorders binnedring, maar jij wil nie: jij draai bij hulle kop om en jij is tevrede met verstaanbaarheid; ja dikwels kom jij nie eens sovér nie; jij bereik hulle glad nie. Maar daaroor het ik in die vorige artiekel klaar gesels. Ik praat nou nie van diegene wat jou glad nie eens verstaan nie; ik praat van dié wat jou verstaan, maar sonder dat hulle voel wat jij seg, sonder dat hulle jou woorde (soos 'n korrespondent in vandag se uitgawe seg) sonder dat hulle jou woord saamneem huistoe. Jou doel is nie om 'n wetenskappelike verhandeling voor te draag nie; jou doel is om mense aan te vuur met geesdrif vir die saak waarvan jij die apostel is; om jou lesse so te laat insink dat dit drijfvere bij hulle word vir hulle toekomstige lewenswijs.

*

Jij het seker al politieke vergaderinge bijgewoon, Meneer? Het jij opgemerk hoe die gehoor met gespanne aandag luister naar die sprekers vergeleke bij die dooie gevoelloosheid en belangeloosheid van die gewone toehoorders onder jou predi-

kasie? Waarom het jij gedenk, is dit so? Is die politiek dan vir die mense van meer belang as die godsdiens? Is die politieke spreker dan meer geleerd, meer geoefend, meer bekwaam als jij? Nee; maar ik sal jou seg: hij het meer verstand als jij. Hij praat Afrikaans; hij breng homself in onmiddellike verbindtenis met sij gehoor deur die snaar aan te raak wat uit sij hart uit kom en in hulle harte vasloop. Maar jij ook is nie altijd so onverstandig nie. Wanneer jij nou 'n engelse gehoor toespreek (en ik het daar niks op tege dat jij probeer om van dié nasie se mense ook te bekeer nie; hulle het dit nodig, en ons Afrikaners sal nie die Hemel so vol-staan dat daar nie vir hulle sal plek oorskiet nie, al is ons nou soveel beter) — maar wanneer jij vir engelse mense preek, dan neem jij die Engels wat hulle dageliks in hulle handel en wandel gebruik: die engelse spreektaal en volkstaal. Met ander woorde, jij gun aan die Engelse mense 'n voorreg wat jij van jou eie nasie onthou. So ook, wanneer jij als sendeling onder die Kaffers arbei, dan preek jij vir hulle in hulle eie alledaagse Kaffertaal. Jij behandel nie vir hulle asof hulle Afrikaners was nie.

*

En daar is van jou broer predikante wat ook al die verstand van die politieke spreker, en jou verstand op die Engelse preekstoel en die Kaffer-preekstoel, begin te beoefen. Bij voorbeeld daar is Ds. W. J. Conradie van Somerset Strand. (Tussen hakies, is hij nog nie op julle swart-lijs als 'n volk-beroerende ketter nie?) Maar hij het 'n Afrikaanse Kinder-bijbel geskrijf, en dié wil ik graag aan die korrespondent rekommendeer van wiens brief ik hierbo melding gemaak het. Ik wil nou 'n stukkie daaruit aanhaal. Meneer sal dit vind op bladsij 275. Dis die eerste waar mij oog op geval het bij die opeslaan van die boek. Hier is die stukkie:

> Die twee oudste seuns van David, Amnon en Absalom was dood, maar David het baië ander seuns gehad. Een daarvan was 'n alte mooi man, sijn naam was Adonia

en die naam van s'n moeder was Haggith. Hij het fraaie rijtuië en perde aangeskaf en 'n lijfwag van 50 manne, en wou opsluit koning word. Hij het nie gewag totdat sijn ou vader sou kom te sterwe nie. Nee, op 'n goeie dag het hij 'n groot fees gehou, en 'n heel partij mense, wat gek naar hom was, uitgenooi. Joab, die groot generaal van David, en Abjathar, die Priester, was ook aan sijn kant. Dit was bij die fontein Rogel waar hij die fees gaan hou het; en daar het die mense uitgeroep: Adonia is Koning!

En nou, Meneer, sal ik dieselfde stukkie in Hooghollands vertaal so goed als ik kan:

De twee oudste zoons van David, Amnon en Absalom, waren gestorven; maar David had vele andere zoons. Eén van hen was een allerschoonste man; zijn naam was Adonia en de naam zijner moeder was Haggith. Hij schafte zich fraaie rijtuigen en paarden aan en eene lijfwacht van 50 mannen; en wilde terstond koning worden. Hij wachtte niet totdat zijn vader zou zijn gestorven. Neen, op zekere dag hield hij een groot feestmaal en noodigde daarheen een groot aantal menschen die veel van hem hielden. Joab, de groote krijgsoverste van David, en Abjathar, de Priester, waren ook aan zijn kant. Het was bij de fontein Rogel waar hij dit feest ging houden; en daar riep men uit: Adonia is Koning!

Nou wil ik graag eerlik wees, Meneer. Ik denk daar is min Afrikaners wat nie hierdie Hooghollandse stuk verhaal sal verstaan nie: hoewel daar daarom is — onder die kinders en vee-wagters en bijwoners — die voorkeur klas van Christus. Maar nou, Meneer, wees jij ook nou eerlik; en seg mij nou rondborstig, maak die Hooghollandse stuk dieselfde direkte en onmiddellike beroep op jou afrikaanse hart als die stuk van Ds. Conradie? En dan, onthou, jij is die groen hout; die gewone gemeentelid is die droge. Ons

gebruik is nog nie om die gemeente te laat leer en die predikant te laat dom blij nie. Als jou gevoel, onder die hooghollandse aanpaksel van baje jare, nog vir jou Afrikaans teer is, wat dan van die gevoel van jou eenvoudige gemeente-lid?

Maar ik moet sluit. Vergun mij, Meneer, om jou die versekering te gee van mij blijwende hoogagting. Jij het baje invloed — om te gebruik of om te veronagsaam — misbruik glo ik nie sal jij dit nie. Jij het ook baje verantwoordelikheid. Ik wens jou die beste. Vooral gun ik jou van ganser harte 'n spoedige bekering.

Altijd jou dienswillige en nederige dienaar,

Die Editeur van die
"Zuid-Westen."

En nou die slot en opsomming wat op die end van die reeks artikels verskyn het (in die "Zuid-Westen" van 5 Februarie, 1914):

DIE LAASTE ARTIEKEL

Dit is tijd om met hierdie reeks artiekeltjies oor die gebruik van Afrikaans in die Kerk en in die Skool, te sluit. Selfs oor daardie twee afdélinge van die onderwerp val daar nog oneindig veel te seg. En dan blijf daar nog die verdere onaangeroerde takke: die skrijftaal van die Staat, van die Pers, van die Biblioteek, van die Huis. Die skrijwer is nog nie moeg nie. Maar sij stem is die stem van 'n roepende in die woestijn. Die lesers is moeg. Elke man word moeg om waarhede oor en oor te lees wat jij vanself weet. Als jij dit wetende nie daarnaar handel nie, word jij nog meer moeg. Dis hinderlik om herinner te word aan die plig wat jij versuim. Nou sal ik maar sluit; en ik stel voor om soos mij meerdere mede-ketter van wel-eer aan die Kerkdeur van Wittenberg 95 stellinge aangeplak het, nou hier in die redaksie-kolomme van die "Zuid-Westen" ook

'n aantal stellinge aan te plak. Ik sal maar 20 aanplak, en die sal ik kort maak. Die leser word vriendelik versoek om deur elk één van die volgende genommerde artiekels wat volgens sij oortuiging nie die waarheid is nie, sij pen te trek en dit uit te krap. En dié wat dan oorbly, wat hij mee ooreenstem dat dit die waarheid is, ik gun hom dat dié vir hom mag wees tot 'n bittere verwijt en 'n knagende wurm totdat hij volgens die waarheid handel met stem en daad en invloed.

1. Onse predikante preek Engels vir die Engelsman, Hollands vir die Hollander, Kaffers vir die Kaffer, maar nie Afrikaans vir die Afrikaner nie.

2. Daardeur is daar onder ons Afrikaanse Kerkgangers 'n gedeelte — die nederige en arme van gees — wat die gepredikte woord nie verstaan nie; 'n groter gedeelte wat dit nie begrijp nie; en 'n nog groter gedeelte op wie dit geen indruk maak nie.

3. Onse onderwijsers gebruik als leermiddel Engels vir die Engelse kind, Hollands vir die Hollander-kind, Kaffers vir die Kaffer-kind, maar nie Afrikaans vir die Afrikaner-kind nie.

4. Die resultaat is dat dit vir die lewensvoorbereiding 'n voordeel vir 'n kind is in Afrikaans-sprekend Suid Afrika om liewer Engelse ouers of Hollander-ouers te hê dan Afrikaanse ouers.

5. Die verdere resultaat is dat die Afrikaanse kind onder die indruk gebreng word dat sij skoolmakkers wat Engelse of Hollanders is, fatsoenliker ouers het als hij omdat hulle ouers 'n beskaafde huistaal spreek en sij ouers nie.

6. Dit gebeur deur ons eie stem. Ons kon dit vandag verander maar ons wil nie.

7. Ons Afrikaners is die enigste beskaafde nasie in die wereld wat onsself wijsmaak dat ons 'n skrijftaal moet aanhou wat ons te laag is om te spreek, of 'n spreektaal gebruik wat te laag is om te skrijf.

8. Ons is ook die enigste beskaafde nasie in die wereld wat geen letterkunde van ons eige het om op te roem nie.

9. Negen en negentig uit die honderd geleerde Afrikaners, wat nou nie net deur die omstandighede van hulle beroep daartoe geneig word nie, lees eerder 'n engelse boek als 'n hollandse.

10. Dit kom omdat Engels in Suid-Afrika nie net 'n boektaal is nie maar 'n huistaal en handeltaal en spreektaal en straattaal, en Hooghollands is 'n dooie taal.

11. Geen beskaafde nasie in die wereld lees so min als ons Afrikaners nie. Ons pers kwijn terwijl die engelse pers floreer, hoewel ons in die grote meerderheid is.

12. Die posiesie is dus dat ons die minste waarde haal uit onse skoolopvoeding, en dat dié wat die meerderheid van ons volk nog kan ontvang, bij die skooldeure agtergelaat word en die skoolopvoeding nie voortgeset word tot 'n lewensopvoeding nie.

13. Ons intellektuele lewe kwijn omdat hij uitgesluit is van samehang met ons alledaagse gedagte-gang en gedagte-uitdrukking. Geen ander beskaafde volk in die wereld plaas homself onder sulk 'n ban nie. Onse plaselike wedijweraars sorg goed, met hulle eige stem en met óns s'n, dat hulle nie so gekniehalter is nie.

14. Ons vaderlandsliefde en volksliefde word nie aangevuur, soos die van 'n Engelsman of Duitser of Fransman of wie ook, deur heroiese liedere, gedigte, romanne, wat ons bloed laat kook oor die dade van onse vadere en die toekoms van ons kroos nie.

15. Ons wette word vir ons in Hooghollands gedruk en geen mens lees dit nie. Ons kan hulle in ons eige taal hê maar ons wil nie.

16. Om so 'n stelsel aan die gang te hou word ons wijsgemaak, deur diegene wat daar belang bij het, dat Afrikaans en Hooghollands één taal is. Als dit so is goed, dan verval alle besware. Laat ons dan Hooghollands praat: dis

mos dan één en dieselfde taal als die Afrikaans wat ons nou praat. Of laat ons Afrikaans preek en skrijf: dis mos dan één en dieselfde taal als die Hooghollands wat ons nou probeer om te preek en te skrijf.

17. Verder word ons wijsgemaak dat Afrikaans te laag en te plat is vir 'n skrijftaal. Hierteen is dit voldoende om te antwoord dat Afrikaans vandag geskrijf word deur die geleerdste Afrikaners wat ons in Suid-Afrika het: grotere geleerde als ons predikante en skoolmeesters en wetsgeleerde.

18. Die eigenlike waarheid is dat Afrikaans 'n verbetering is op die omslagtige en oorbodige verbogene Hooghollands soos hedendaagse Engels 'n verbetering is op Angel-saksies.

19. Afrikaans is ons eige, hij is in Suid-Afrika gemaak om te pas bij ons Afrikaanse toestande en lewenswijs; hij het saamgegroei met ons volkskarakter; hij is die enigste band wat vir ons als 'n aparte nasie aanmekaar bind; ons enigste volks-kenmerk. Hij plaas ons hoger als die Engelsman op nasionaal gebied en patriotties gebied; ja hoger als enige ander blanke inwoner van ons land; want hij is die enigste witmanstaal wat nie onmiddellik oor die see kom nie. Maar die één besitting wat vir ons hoger plaas, word deur ons vertrap als 'n vlek en 'n klad waarvoor ons ons moet skaam teenoor die landgenote van ons wiens trouw en ideale oorkant die see is.

20. Diegene wat vir die erkenning van Afrikaans veg, is die vriende van ons volk en ons nageslag; maar hulle kostelike werk word gedwarsboom deur diegene wat self niks doen nie; en die onkundige volk, soos gebruiklik is, volg sij verraaiers en kruisig sij weldoeners.

Op hierdie reeks artikels het Ds. P. G. J. Meiring, onder sy gereëlde rubriek "Hiervan en Daarvan," in "de Kerkbode" gereageer. Die saak was in alle geval sovér gevorder dat die propagandis nie meer deur die kerkgesag oor die hoof gesien en met doodswyge behandel kon word nie. Ek

het destyds my waardering uitgedruk (en ek herhaal dit met genoeë hier) van die eerlike en ridderlike wyse waarop Ds. Meiring my argumente weergegee en beantwoord het. Ek het baie ondervinding van ander soorte behandeling wat ek van teëstanders ontvang het — wanvoorstellings, verdraaiings, selfs opsettelik vervalste aanhalings.

Hier volg 'n letterlike afdruk van die dominee se stuk:—

In "Het Zuid-Westen," een Oudtshoornsche koerant, verscheen gedurende Januari en Februari j.l. een reeks artikelen van de hand van den editeur, Mnr. Langenhoven, over de rechten van de Afrikaansche taal in de Kerk en op de school. De artikelen zijn op zeer bekwame en overtuigende wijze geschreven, en leveren het krachtigste pleidooi, dat ik tot nog toe gezien heb voor het Afrikaansch als kanseltaal. Jammer dat er een smaak in ze is van bitterheid tegen predikanten. Die een liefhebber is van zijn volk, moet diep beseffen, dat er weinig van het Hollandsch-Afrikaansch volk zal terecht komen zonder de Hollandsche Kerk, en het spreekt van zelf, dat er geen Kerk kan zijn zonder predikanten. Die meewerkt om het gevoel van respect bij onze menschen voor hunne predikanten te verminderen, die ondermijnt den uiteindelijken bloei van ons volk. Ik geloof niet dat het voor mij nodig is hierover verder uit te weiden. Mnr. Langenhoven begint met te verklaren, dat hij de stelselmatige beleediging zijn taal aangedaan niet langer verdragen kan, waardoor hij op lager voet gesteld wordt dan de kaffer, en hij wijt dezen ongewenschten toestand daaraan, dat diegenen, die beter weten, ons volk verraden en bedriegen. Na deze introductie maakt de schrijver duidelijk waarom hij zijn steun nooit zou kunnen geven aan een poging om den Bijbel, ons Gezangboek en Formulieren in het Afrikaansch over te zetten tot kerkelijk gebruik. Zij zouden in het Afrikaansch minder statig en heilig klinken, en zouden door de overzetting niet meer verstaanbaar worden, daar zij vanwege herhaald gebruik en eenvoud van

taal door de gewone kerkgangers best begrepen worden. Daarbij komt nog, zoo gaat hij voort, dat de Hollandsche Bijbel de groote "instandhouder" is van de Afrikaansche taal. Zoolang als de Hollandsche Bijbel in eere gehouden wordt, zoolang zal onze Afrikaansche taal rein en zuiver bewaard blijven voor onze kinderen en kindskinderen. Doch zodra niet zijn in den openbaren dienst de eenvoudige en kernachtige woorden van den Bijbel aangehoord, of schielijk wordt de gemeente met de preek in een nieuwe atmosfeer van lange en ingewikkelde zinnen en verwarde idiomen gebracht, die vaak niet verstaan worden en zeker het hart koud laten.

*

Hij neemt het de Kerk niet al te kwalijk, dat zij conservatief is. Zoo is zij in alle eeuwen geweest. Daarom heeft de priester den profeet steeds vervolgd, zijnde de profeet altoos de man, die op ongebaande wegen zoekt te leiden. Daarom zijn ook de predikanten in onze Kerk, die vóór het Afrikaansch zijn, bevreesd dat zij in de ongenade van de Kerk vervallen zouden indien zij volgens hunne overtuigingen handelen. Doch dit conservatisme berooft het volk. In de middeneeuen wilden de Roomsche priesters niet in hun eigen volkstaal preeken of schrijven, juist zooals de Hollandsche predikanten nu gezind zijn tegen het Afrikaansch. Het gevolg was, dat met al hunne intellectueele activiteit, zij geen enkel geschrift in Latijn geleverd hebben, waardoor die taal werkelijk verrijkt is, en daarbij hebben zij de volkstaal onbearbeid gelaten; en droevigst van al, de gemeente werd alzoo uit gebrek aan leesstof toegelaten tot een toestand van ongeletterdheid te verzinken. Evenzoo hebben de Hollandsche predikanten, een en twee geslachten geleden, de groote gelegenheid ongebruikt doen voorbijgaan om ons volk een lezend volk te maken, doordat zij zich aan het Hollandsch vasthielden, waarin zij geen noemenswaardige geschriften leverden; en toen anderen de volkstaal tot schrijftaal zochten te verheffen, hebben zij die mannen

gehinderd en gedwarsboomd. Men moet daaraan denken, dat het Grieksch waarin het Nieuwe Testament geschreven is, niet het klassieke Grieksch is, maar de platte alledaagsche spreektaal goed genoeg was voor den Heiligen Geest om als voertuig te dienen voor de openbaring Gods, dan zal toch ook onze Afrikaansche spreektaal goed genoeg zijn, om de gemeente daarin toe te spreken. Ook heeft de Heiland niet in het stijf Oud Testamentisch Hebreeuwsch de schare toegesproken, maar in het alledaagsche Arameesch. En wat voor Hem voldoende was, moet toch voor ons ook voldoende zijn. Dit alles (mijn lezer verstaat mij) is het betoog van den editeur van "Het Zuid-Westen," die daarna overgaat om de vraag te bespreken in hoeverre de gemeente een Hollandsche preek verstaat. Hij houdt zich overtuigd, dat bij elke preek er een deel van het gehoor overschiet, bij wie het woord geen ingang gevonden heeft, omdat zij, zijnde eenvoudige, ongeletterde menschen, de rede niet hebben kunnen verstaan. En zijn het dan niet juist voor de zoodanigen, dat het woord bedoeld moet zijn, daar toch de anderen zichzelven helpen kunnen. Spreekt de leeraar, als hij de menschen in het vale kleihuis of in de pondok opzoekt, daar Hoog-Hollandsch? En zoo niet, waarom dan op den kansel? Is de boodschap voor één man bedoeld, dan van meer waarde dan die welke tot de honderden gebracht wordt? Als het Afrikaansch daar bij de huistafel van den bijwoner noodig is om hem zaken duidelik te maken, waarom moet die hulp van den kansel geweerd?

*

Onze schrijver eindigt zijne reeks, zoover die de Kerk raakt, met een beroep op de "wet der associatie" in de psychologie, en bewijst in verband daarmeê hoe de indrukken onzer kinder-jaren ten grondslag van ons gevoelsleven liggen, en dat, zoo men iemand diep roeren en tot handelen prikkelen wil, men van die kinderbeelden moet gebruik maken. Nu wordt bij ons volk het kinderleven doorgemaakt met het Afrikaansch, zoodat die taal in het weefsel van de

ziel is opgenomen. De redenaar dus die in het Afrikaansch ons toespreekt, heeft den toegang tot ons diepste gevoelsleven, maar de prediker die zich in het Hollandsch tot ons richt, keert bij het hoofd om: wij hebben hem mogelijk verstaan, maar hij heeft het rad hierbinnen, de drijfveer, niet in beweging gebracht. Om deze en andere reden roept de schrijver ons op, om het vreemde woord van onze rechtbank, van den preekstoel en uit onze schoolboeken te helpen verwijderen, en onze eigene Afrikaansche taal hare rechtmatige plaats te doen toekomen.

*

Hierop te antwoorden vind ik niet gemakkelijk. Er is veel waars in hetgeen onze schrijver zegt. Ik geloof niet dat er nog één verantwoordelijk persoon gevonden zal worden, die het standpunt zou willen of kunnen verdedigen, dat het Hollandsch van den kansel en van ons gewoon nieuwsblad nog eens onze volkstaal worden zal. Zij die het meest gedaan hebben om dit tot stand te willen brengen, zijn onder de eersten geweest om te erkennen dat de taak een hopelooze was. Daar was de vurige en zeergeleerde Dr. Changuion, die in de eerste helft van de negentiende eeuwe met het woord en de pen onvermoeid tot de handhaving van het Nederlandsch geijverd heeft. Hij moest eindelijk, als verslagen erkennen: "De taal, waaraan wij onze moeite besteden, beschouwen wij, zooals een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderfelijke uitwerking wel eenigszins kan worden vertraagd, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt." En toen er in de tweede helft dier eeuw een ander in zijne plaats opstond, die met denzelfden ijver en misschien meer tact de groote zaak zocht te behartigen, werd ook hij spoedig ontnuchterd. Ik bedoel Prof. Mansvelt, die veel voor de studie en den bloei van het Hollandsch in Zuid-Afrika gedaan heeft. Hij getuigde: "De eerste illusie van Changuion heb ik, evenals hij zelf ook later gedaan heeft, als ondenkbaar laten varen. Het onderscheid in volksaard, land- en luchtgesteldheid,

zeden, begrippen en belangen, is te groot, dan dat het Afrikaansche volk zich ooit van Hollandsch, zooals het noord van de Linie gesproken wordt, als voertuig van zijne gedachten zou kunnen bedienen." Ik meen wij moeten met blijdschap of met droefheid, ons daarbij neerleggen, dat het Afrikaansch onze taal is en blijven zal. Tot daar ga ik met onzen schrijver samen. Hieruit volgt noodwendig, dat die taal uiteindelijk de kansel- en schooltaal worden zal, gelijk zij heden de huistaal is. Dat moeten wij ook toestemmen. Maar dáar gaan onze wegen uit elkaar: hij oordeelt dat wat eens zal zijn, nu moet zijn, en wij meenen, dat daardoor onze ontwikkeling zal worden gestremd. De vijg moet van zelf rijp worden, en niet rijp gedrukt. Zooals zaken vandaag zijn, kan het Afrikaansch nog den steun van het Hollandsch niet missen. Al onze jonge Afrikaansche schrijvers zijn door middel van het Hollandsch eerst tot schrijvers gevormd, en dat proces zal wat het volk aangaat, nog eenigen tijd moeten voortduren; en stuit men dit, dan zal het zijn ten koste van de volksontwikkeling. Onze schrijver voelt dit zelf, waar hij den Hollandschen Bijbel beschouwt als "de groote instandhouder van de Afrikaansche taal," en waar hij verklaart dat "zoolang als de Hollandsche Bijbel in eer gehouden wordt, net zoolang zal onze Afrikaansche taal rein en zuiver voor onze kinderen en kindskinderen bewaard blijven." Tot de veredeling en verheffing en verrijking van onze spreektaal is de studie en de beoefening, zoo in de school als in de Kerk, van het Nederlandsch, vooreerst onmisbaar. Doch moet dat beinvloeden van het Afrikaansch door het Hollandsch van kansel en schoolboek vooreerst als noodzakelijk worden geacht, zoo oefent het Afrikaansch een steeds sterker wordenden invloed uit op de preek- en schrijftaal. De hedendaagsche preekstijl verschilt hemelsbreed van wat vijftig jaren geleden op onze kansels gehoord werd, of van den preektrant van Nederland. Als de prediker vandaag niet verstaan wordt, dan ligt de schuld in de meeste gevallen niet bij het Hollandsch,

maar bij den man zelf. Hij zou in het Afrikaansch waarschijnlijk niet beter verstaanbaar zijn. Wij zijn in een tijd van wording en overgang, en daarin wordt vereischt geduld en geloof en onderlinge verdraagzaamheid, en daarbij zal de gedurige herinnering aan twee zaken ons helpen: (1) Wat wij vandaag als Hollandsche Afrikaners en als Kerk zijn, hebben wij aan de Hollandsche taal te danken — en de oogst is niet om over beschaamd te zijn! (2) Ten spijte van verachting en vertreding is de Afrikaansche taal niet alleen in het leven gebleven, maar heeft zij zooveel levenskracht geopenbaard, dat zij, als ons nationale "kanniedood," de eereplaats verdiend heeft, welke haar door onze jonge geleerden allerwege wordt toegekend. Hier is het geval, waarvan de gestudeerde menschen soms zeggen, "solvitur ambulando," — al wandelende wordt de moeilijkheid opgelost.

*

Ik had nog meer in de pen in antwoord op "Het Zuid-Westen," maar mijn ruimte is op.

Op hierdie antwoord deur 'n gesagsman in die Kerkorgaan gegee, het ek nie destyds repliek nodig geag nie en is vandag geen kommentaar nodig nie. Maar om bymekaar te hou wat bymekaar hoort, al loop ek dan ander dinge wat tussen-in gebeur het vooruit, sal ek maar hier afhandel wat ek verder met die kerkelike kant van die taalstryd te doen had.

In 1919, toe die toelating van Afrikaans in ons Kerk voor die Sinode onder bespreking was, het ek in "Nederlands," 'n vlugskrif geskryf en laat druk en onder die lede van die Sinode versprei — "De Heilige Ennen van Rehum en Simsai." (In geval die leser vergeet het — die twee name kom voor in Ezra 4.) Of die betoog tot die gunstige Sinodale besluit bygedra het, weet ek nie. In alle geval,

wat daar vir my nederige hand was om te doen, het ek gedoen. (Nou vandag, agterná, lyk die opskrif alleen-al vir my honderd argumente wêrd.)

En nou eindelik kom ek tot 'n ondervinding wat my meer hartseer veroorsaak het as enige ander mislukking of teleurstelling wat ek met my skryfwerk gehad het. In 1922 het ek dertig van ons Kerkgesange in Afrikaans oorgesit en in boekvorm laat uitgee (saam met 'n oorsitting van die Oggendsang, Psalm 42, en die Engelse liedere "Abide with Me" en "Lead, Kindly Light") onder die naam "Gesange in Afrikaans" (Nasionale Pers). Ná die het ek nog 'n hele aantal vertaal wat ek, alte optimisties, in 'n tweede druk sou byvoeg. Met die minste aanmoediging sou ek ons hele Gesangeboek stap vir stap vertaal het. Maar nie alleen het daar geen tweede druk gevolg nie, en sal hy seker nooit volg nie — die eerste druk het op die rakke bly lê, deur die Kerk doodswygend van die hand gewys.

Ek was altyd gewillig om 'n kerkelike kommissie te ontmoet en wysigings in verband met moontlike dwalings wat ek begaan het ten opsigte van die geloofsleer te bespreek, want met die vereistes van maat en rym, by 'n oorsitting uit 'n verboë in 'n onverboë taal, is letterlike weergawe dikwels onmoontlik. Maar die Sinodale Kommissie wat aangestel is in verband met die Gesange-vertaling, het my nooit genader nie — as ek reg onthou het hulle eenmaal vertalings uitgenodig teen soiets as 'n pond per Gesang. Terwyl die saak dan op 'n kommersiële basis gestel moes word, waarom het hulle nie kwotasies by die jaart aangepresenteer of tenders gevra nie? Ek sou, al had ek die hele 192 vertaal, al my outeursregte aan die Kerk present oorgemaak het. Maar ek twyfel of ek nou ooit weer in die stemming sou kom om met die werk voort te gaan. Die gemelde vertalings wat nog nie gepubliseer is nie is, waarskynlik onopspoorbaar,

tussen my wanordelike en ongerangskikte vragte papiere weg. (Natuurlik bedoel ek nie dat die Kerk net *my* vertalings moes neem nie. Maar myne het tog seker verdien om saam met ander s'n in aanmerking te kom.)

In 'n verslag van 'n Sinodale sitting waar die saak onder bespreking was, het ek gelees dat 'n dominee gesê het dat die vertaling nie deur leke moes gedoen word nie. Ek het nie gelees dat sy kollega's hom weerspreek het nie. Nou, as daar altyd 'n waarborg was dat die nodige talente vir daardie soort werk aan ortodokse priesters sou meegedeel word en van ketterse profete weerhou word, was die dominee se standpunt gesond.

Hoofstuk IV

LID VAN DIE PROVINSIALE RAAD

Maar al die propaganda, myne sowel as die van die A.T.V. en A.T.G., was maar voorbereiding, opvoeding van die openbare mening, aanvuring van die volksgees. Geen propaganda kon opsigself 'n verandering aan die toestand bring nie of dit moes uitloop op wetswysiging van gesagsweë. En soos my geleëntheid by die "Zuid-Westen" gekom het om my deeltjie by te dra tot die nodige hoewel slegs voorlopige propagandawerk, so het my geleëntheid gekom om my wiggie by die wetgewende gesag in te dryf toe ek gekies is as lid van die Provinsiale Raad. Hoe was dit moontlik vir my om my verkiesbaar te stel? Ek was 'n kneg in ander mense se diens, onder besoldiging van 'n maandelikse gasie — en ek het nie vir die een betrekking bedank om my tyd beskikbaar te hê vir die ander nie. Maar daar was 'n sterker man as ek wat agter my gestaan het. As voorsittende direkteur van die "Zuid-Westen" was hy — my meerdere — my kampvegter, my steun en hulp deur donker dae en dae van sonskyn. Waar ek foutgemaak het was hy die een man in die wêreld wat my kon berispe en ek het nooit ongeduldig geword nie. Waar ek hierdie of daardie ander lid van die direksie of seksie van die publiek onstuimig gemaak het, was hy die afkoeler. Sonder hom en sy invloed en sy beskerming sou ek nooit op die "Zuid-Westen" gekom het of daar gebly het nie, en nooit sou ek provinsiale raadslid geword het nie. En omdat ek al daardie moontlikheid van diens aan hom verskuldig is, pas dit dat ek hier, met 'n besef van verlies wat deur twaalf jaar se

verloop van tyd maar net teerder en seerder geword het, by hernuwing 'n huldebewysie bring aan sy nagedagtenis, wat ek destyds as 'n onwaardige kransie op sy graf gelê het. Ek vra nie verskoning vir wat kan lyk na afwyking van die doel van hierdie stukkies nie; as my werk hoegenaamd rekenskap wêrd is, moet ek ook my verskuldiging erken. Het ek gepraat van die Provinsiale Raad en van die "Zuid-Westen"? Dit was te min gesê. Al my bedrywighede en geleënthede het saamgehang, een en onafskeidelik. Sonder Atties Fourie sou, sovér as wat ek vandag kan sien, my boeke waarskynlik nie geskryf gewees het nie, en my openbare loopbaan as politikus nie eens aangevang het nie — wát ook albei ten goede of ten kwade mag beteken.

Die stukkie van my wat ek hier onveranderd herhaal, het kort ná Atties se dood in "die Brandwag" verskyn:

IN MEMORIAM

MENEER ATTIES FOURIE.

Ons was saam in Kaapstad, ik en mij vrind Atties, in dieselfde hotel, in die begin van Oktober maand. Hij was daar met sij seuntjie Burton, en ik met mij dogtertjie Margarita, want albei gaan in die "Boland" skool, en dit was die kort vakansie. Juis om sij kinders ontwil het hij opgegaan Kaap toe — hij het nog 'n dogter Tillie ook in die Perl op skool — want die wekie van die vakansie was te kort vir ons kinders om huistoe te kom. En daar was ons saam die heeldag, uit naar Kampsbaai toe, in die Kaap op en af, hier bij 'n kafé en daar bij 'n vrind — en dit was die laaste wat ik Atties gesien het soos ik hom al die jare geken het en soos hij mij geken het. Dit was maar droog hier in Oudtshoorn, en Atties had baje graan gesaai en dié was aan 't verdroog — ik had self met hartseer dit gesien toen ik op sij plaas was, kort voor ons Kaap toe gaan. En toen, in die middel van ons kuier, kom daar 'n telegram vir hom

van 'n pragtige regen in ons distrik. Ik kan nou nog sij gesig sien toen hij mij die telegram wijs. Hij is toen met die eerste trein teruggekom, en ik het nog 'n dag of wat langer geblij in die verpeste omgewing — dit was die begin van die griep hoewel ons daar toen nog niks van gemaak het nie. Maar hij was klaar aangesteek. Ik moes hom nog die aand "afsien" bij sij vertrek, maar is verhinder geword. Die laaste vaarwel-handdruk, met wedersijdse wete, het ik hom nooit gegee nie. Hij is aangesteek en ik het vrij geblij, hoewel ik daarvandaan heen en weer deur Kimberley en in die treine rond was toen die pes op sij hewigste was.

Toen ik thuiskom die Vrijdagaand van die volgende week, hoor ik Atties is ernstig siek aan die griep. Die nag is ik uit plaas-toe, maar het hom nie gesien nie — die dokter was bang hij sou politiek gesels. 'n Paar honderd tree van sij huis af het sij ou moeder gewoon. Ook haar had ik perd-fris gegroet bij mij laaste besoek op die plaas, kort vóór mij reis. Die nag was sij ook ernstig siek — maar niemand het gedenk dit was gevaarlik nie. Daar was min hulp, en ik het maar die nag bij die ou dame oorgeblij. Die volgende oggend is sij dood. Atties het maar aangehou met verneem naar sij moeder — naderhand toen hij erger begin te ijl wou hij hê hulle moes hom dra om haar te gaan sien. En toen leg sij al koud in die kis. Dit was altijd so treffend gewees om te sien hoe lief hij haar had. Nooit het hij selfs 'n endjie weggegaan of teruggekom sonder om die ou moeder te gaan sien nie — soos 'n man sij vrouw opsoek, met sij gaan en met sij kom. Sij vader is 'n jaar of drie gelede dood; en die ou moeder wou maar alleen woon in haar eige huis met haar kinders en kleinkinders heel dag in en uit. Hulle het haar dood vir Atties weggesteek natuurlik — al sou hij dit nie miskien verstaan het nie — en hij het maar verneem en sij het maar daar koud gewag om onder die aarde te kom.

Van die Saterdag af was ik bijna al die tijd daar, en uur vir uur en dag vir dag moes ik sien dat die sterke,

frisse Atties swakker word in sij heroiese worsteling met die vijand, totdat Dinsdagmôre die laaste sweet hom afgetap het en die lig in sij oog donker geword het en die vat van sij hand slap. En van die Saterdag tot die Dinsdag, toen hij sij laaste snik gegee het, het ik nie 'n verstandige woord met hom kon praat nie. Hij het al die tijd geijl. Een keer, denk ik half, het hij mij geken, want hij het mij vaarwel geseg. Maar ik is nie seker nie. Sij anders so buitengewoon heldere harsens was met dooi-bloed en gif verpes. Maar ik is dankbaar — al kon ik hom nie groet nie. Sij lijding, sij wurgende worsteling om asem deur soveel bange ure, sou te bitter gewees het als hij ten volle bewus was om dit te voel. Die ijlhoofdigheid was 'n genade.

Als ik nou van Atties 'n waardering moet skrijwe, dan praat ik van 'n vrind — 'n boesemvrind, wat vir mij gedaan het en gewees het wat ik nie hier kan noem nie. Ons het mekaar verstaan soos ik nooit sou gedenk het dat twee mansmense mekaar tot in hulle diepste siel kan verstaan nie. En ik voel dat al wat ik van hom kan seg onreg is aan sij nagedagtenis, want ik kan hier maar van die uitwendige dinge praat wat almal van weet. Waar ons twee mekaar beter en dieper geken het, moet ik swijg.

Van sij bekwaamheid als boer sal ik nie praat nie — die hele land weet dit. Maar daar was 'n bekwaamheid wat hij besit het waarbij ik nooit in mij lewe sij gelijke aangetref het nie: die vermoge om dadelik, sonder moeite, met min woorde, met kalme bedaardheid, invloed uit te oefen op vrind en teenstander. Hij had 'n persoonlike magnetisme wat onweerstaanbaar was. Altijd met mooiigheid, altijd met sagtigheid, het hij oortuig waar niemand in die wêreld sou oortuig het nie. Hij had 'n slag en 'n takt om onmogelike regelinge te regel. Als daar in die distrik of landsaangelegenhede 'n netelige en delikate dingetjie was om reg te maak, kon jij jou op Atties verlaat. Hij sou dit regkrij op so 'n manier dat diegene wat hij daartoe moes oorhaal nie eens sij hand daarin gesien het nie.

Maar onder daardie bedaarde sagtigheid was 'n wil van ijster. Die slag en takt het nooit toevlug geneem tot knoeiery nie. Als jij Atties se respek wou hê was die eerste vereiste dat jij 'n man sonder bedrog moes wees. Vuil werk kon hij nooit verdra nie. En waar hij die invloed wat hij had altijd te baat gestel het vir sij land en vir sij volk, en sij dae en nagte gereed was om op te offer om iemand anders se verkiesing te verseker, kon jij hom nooit beweeg om self 'n betrekking te aanvaar nie. Ik is daar seker van, so seker als ik van die sonskijn van die afgelope dag is, dat als Atties in die Parlement was, dan had die Botha-Hertzog verdeeldheid nooit plaasgevind nie. Hij sou die ding reggemaak en reggehou het. En hiermee weet ik seg ik veel. Maar wat hij vir ander wou doen, wou hij nooit vir homself doen nie. Jij kon hom nie eens in die Afdelingsraad krij nie. Tijdens die algemene Volksraadsverkiesing, en weer daarna bij die Provinsiale Raads-verkiesing, het ik Atties gebid en gesmeek om liewer in mij plek te staan. Want ik wis, en ik weet nou, met 'n onwrikbare oortuiging, dat Atties op albei plekke sou reggekrij het wat ik nooit sou regkrij nie op die pad van die hereniging van ons verskeurde volk. Daarom wou ik hom daar hê. Maar Atties was 'n man vir ander mense, nie vir homself nie. Hij wis nie wat eersug is nie.

En soos hij in daardie opsig was, so was hij als jij hom meet met 'n swaarder toets — dié van die beurs. Als jij uitvind dat hierdie man uit 'n moeilikheid gered is, dat daardie arme famielie in die dae van druk toen ons hier bijna hongersnood had met kos voorsien is, en daardie en daardie, en dat die hand van die redder die hand van Atties was, dan was dit altijd met 'n ongeluk. Als Atties ooit skelm was, dan was hij skelm in sij liefdadigheid. Hij sal sij gebreke en foute gehad het, maar eendag als die toets toegepas word wat uitdrukkelik vir ons genoem is maar ongelukkig so min bepreek word: "Ik was nakend en jij het mij gekleed — ik was hongerig, en dorstig, en siek, en in die gevangenis, en jij het mij te hulp gekom" — dan sou ik

graag so aan daardie laaste maatstaf beantwoord als hij. Vir ons wat hom sal mis in die politieke lewe, in die maatskappij, in die vrindekring — vir ons is die verlies onoorkomelik. Maar daar sal 'n swaarder gevoel van verlies wees bij die arme en die ongelukkige, die weduwee en die wese.

Atties — of om hom sij volle naam te gee, Andries Jonathan Fourie — is gebore op die 23ste Desember, 1866. Sij vader was meneer Johannes Petrus Fourie. Hij was getrouwd met Rosina, 'n dogter van meneer Bertus Meyer van die distrik Mosselbaai. Sij blij na met ses kinders.

Toe ons eerste Provinsiale Raad se drie jaar om was en daar moes 'n nuwe Raad gekies word, het ek in my eie blad (of liewer in die blad waarop ek as huurling 'n betrekking had) myself as kandidaat aangepresenteer in 'n brief wat as gewone korrespondensie geplaas is. Nie alleen het geen ander kieser dit in die gedagte gekry om my vir aanmerking aan te beveel nie; ek het niemand gevra om my aanspraak te endorseer nie, niemand eens vooraf geraadpleeg nie, ja selfs nie my vrind Atties nie. Hy het maar soos die res van die kiesafdeling die brief gesien ná sy verskyning; die nuwe mal-streek van Langenhoven, baie van sy voriges oortreffende, was vir Atties soos vir die ander 'n totaal onverwagte bomslag.

Hier volg 'n paar uittreksels uit die brief soos hy in die "Zuid-Westen" verskyn het op die 19de Januarie, 1914:

DIE PROVINSIALE RAADS VERKIESING

'N MOGELIKE NUWE KANDIDAAT

Aan die Redaksie van die "Zuid-Westen."

Waarde Redaksie,

Dit is moeilik vir 'n man om 'n brief aan homself te rig, maar ik het nou 'n meedeling om te maak wat niks met

mij betrekking als editeur van hierdie blad te doen het nie; en versoek om dit te plaas alsof dit van enige ander buite-staande korrespondent kom.

*

Ik sal nie die ou eleksie-storie van weersinnige opoffering herhaal nie. Vir mij sou dit geen opoffering wees om aan die wetgéwing van mij land deel te neem nie maar 'n voor-reg. En als dit 'n opoffering was dan sou ik dit van harte gun en nie daaroor kla nie, of anders dit glad nie maak nie. Ik sien daar geen roem in om die altaar van mij land te ontheilig met 'n ongegunde brandsiek-bok nie. Ik gee vrij-willig, of ik gee in ruil, of ik gee glad nie.

*

Ik sou om verskillende redene sleg deug vir 'n kandidaat. Ik sal niemand om sij stem vra nie, en ook niemand huur of versoek of aanmoedig om vir mij stemme te werwel nie. Ik sal ook geen onpopulaire opienie wegsteek omdat ik deur die verkondiging daarvan stemme sou verloor nie. Ik het min vriende en min invloed. In die nagenoeg twee jaar tijdsverloop wat ik die eer gehad het om die "Zuid-Westen" te redigeer was daar gelegenheid genoeg vir 'n man wat sij kaarte wou speel met sij oog op die resultaat meer als op sij gewete, om beide invloed en vriendskap en populariteit te win. Instede daarvan het ik geseg wat ik beskouw het wat reg was sonder om hierdie man se guns te soek, sonder om daardie man se onguns te vrees. Andere het die kans gehad, en die kans gebruik, om te swijg, en dit is hulle toegereken tot politieke geregtigheid. Ik het met mij insigte voor 'n dag gekom, reg of verkeerd, en mij woorde staan deur mij eie hand opgeteken, vóor mij en teen mij. En soos dit maar altijd gaan, die wat voor mij getuig sal vergeet wees terwijl die wat teen mij getuig onthou word.

Op 'n meer hopelose, taktelose en skaamtelose wyse het seker nog nooit 'n aspirant hom aan 'n kiesafdeling self opgedra nie. Wat ek moes gedoen het, natuurlik, die respektabele ou weg volgende, was om 'n klompie mense te kry om vir my te agiteer (al had ek hulle dan vooraf, dit wil sê agteraf, tot die agitasie opgesteek) en om my dan teen wikke en weë en met groot aarseling te laat oorhaal om my tog maar aan die opoffering terwille van land en volk te onderwerp. Maar ek was maar altyd te dom om my met bakdraaie en slenters op te hou.

Die selfbenoemde nuwe kandidaat was vir die hele publiek 'n nuwe gedagte. My skielike dood of bekering sou minder verrassend gewees het. Ek was nooit eens lid van 'n Afdelingsraad of Stadsraad gewees nie — sou eerder doodgegaan het as om daarvoor stemme te gaan soek. (Ek glo dat 'n optimistiese vriend my eenmaal in die Kerkraad vir diaken of ouderling voorgestel het maar hy kon geen sekondant kry nie — wat ek nogal verstandig vind van sy kollegas.)

Maar daar was 'n paar dinge in my guns. Ons vorige verteenwoordiger had by 'n belangryke verdeling, tussen die ou S.A.P. en die ou Unioniste, oor die eerste Taal-Ordonnansie (Nederlands en Engels op skool) nie sy man gestaan toe elke stem nodig was nie. (As ek reg onthou het hy tandpyn gekry en Oudtshoorn-toe gekom om die tand te laat trek.) Dan was die mense almal moeg vir Administrateur de Waal se outokratiese optreë en die gedweë onderworpenheid van die Raadslede van albei partye, wat te bang was vir hom om hom ooit teë te staan. Hulle wis ek sou nie op my kop laat trap nie en as daar uitgeskel word sou ek instaat wees om terug te skel. En dan eindelik was ek nie verniet twee jaar op die "Zuid-Westen" besig gewees om met die distrik te gesels op so 'n manier dat

hulle verplig was om te luister nie. Hulle had geleer om deur my kranksinnigheid heen gesonde verstand en eenvoud van bedoeling te sien.

Wat my betref, ek was nooit danig eersugtig nie — grootgeid het vir my altyd maar klein gelyk — maar daar was die saak van Afrikaans wat moes behartig word. Tot my groot geluk egter, en tot geluk (as ek dit mag sê) van die groot saak wat nou my lewensdoel was, het ek nie van Afrikaans 'n plank in my platform gemaak nie. Had ek daaroor geskree dan was daar teëstand verwek en dan was my eerste wetgewingspoginkie vooraf onmoontlik gemaak. Maar teenoor my kiesers was my houding ten opsigte van Afrikaans waarlik bekend genoeg. Dat ek geen opdrag gekry het of gevra het nie, was geen misleiding van hulle nie. Maar oor hierdie politieke optree sonder die minste politieke ophef sal daar aanstons nog 'n woordjie te sê wees.

Ná my brief het ek een publieke vergadering toegespreek — en daar was stof genoeg te haal uit die Afdelingsraads-Ordonnansie-Ontwerp in die oorspronklike vorm waarin die administrateur dit aan die land wou opdring en deur die nuwe Raad forseer met sy gebruiklike kaftrap van watter floue teëstand daar mog wees. Verder het ek stilgesit en oor Afrikaans en ander dinge in die "Zuid-Westen" geskryf. Maar Atties Fourie het nie stilgesit nie. En Atties se ondersteuning was so goed as die distrik se ondersteuning.

Op die 2de Maart, 1914, is ek onbestrede gekies as Provinsiale Raadslid vir die Oudtshoornse Kiesafdeling. Voor my lê 'n volledige verslag van my Afrikaanse en van my Engelse toespraak waarin ek die kiesers bedank het en die weg wat ek van plan was om as hulle verteenwoordiger in te slaan, aangekondig het. Daar is nie 'n woord in van 'n voorneme om van my nuwe posiesie gebruik te maak vir

die bevordering van Afrikaans nie. Die taktiek van die eenvoudige is dikwels die doeltreffendste. Ek het eenmaal 'n jong wat 'n uithaler-ekspert was om kwaai volstruis-mannetjies te beheers, deur 'n wyfie onder 'n taaibos deur sien skop dat hy moes gelawe word.

Toe ek die eerste sitting van die Raad gaan bywoon het, moes ek voel nes die Koningin van Skeba dat die helfte my nie vertel was van die magtige koning nie. Vir alle praktiese doeleindes kon daar amper-byna netso goed geen Raad gewees het nie en net die administrateur as willekeurige diktator. Hy bring 'n maatreël voor; in die loop van die passasie daarvan staan 'n arme lid op met vrese en bewing in 'n biddende houding, hande vrywend, tande klappend; hy wil tog darem een kleine ou beswaartjie aan SyEdele in genadige oorweging gee. Daarop vlieg SyEdele op en hy donder en bliksem op die vermetele teëstander dat hy vir die res van die sessie niks meer doen nie as om hoor, hoor te sê wanneer die administrateur praat — en dit was nagenoeg onafgebroke.

Dadelik ná my aankoms het ek my partykoukus — die ou S.A.P. — toegespreek oor die Afdelingsraads-Ordonnansie-Wetsontwerp en gewaarsku dat die volk ons almal daar sou uitskop as ons sulke laste op sy nek laat sit. Hoofsaaklik was die koukus dit met my eens, en ons het tot weë en middele oorgegaan en die teëstand georganiseer. Toe ek die volgende dag in die Raadsaal kom, hoog in my skik oor die vooruitsigte van die komende veldslag, kyk een vir een van my maters weg uit my oë uit. Ek dog o hemel. Die administrateur had hulle beetgekry, gesamentlik en afsonderlik, en die opstand in die wieg gesmoor. Op die ou end was ek die enigste werklik ernstige teëstander van die maatreël. Maar ek kon netso hard skree soos Sir Frederic

en ek was nie daarheen gestuur om te gaan Ja Baas sê op alles nie.

Die twee partye — óu Sappe en óu Unioniste — was byna net gelyk in getalle, en de Waal het die kuns verstaan om hulle teen mekaar af te speel en tussen hulle in te maak wat hy wil. Behalwe sy voortdurende toesprake in die Raad (maar hy was altyd interessant genoeg om aan te hou om na te luister) het hy nog twee ander soorte gehou, een vir die Unioniste apart en 'n ander vir die Sappe apart. Sy maat van fyn taktiek het ek nooit in die politiek ontmoet nie. Maar hy was 'n onvermoeide harde werker, hartstogtelik aan sy diens gewy, bekwaam en vér-siende, met eerlike bedoelings om die welvaart van die provinsie te bevorder. Op 'n onwaarheid het ek hom nooit betrap nie — en daar sou oorgenoeg geleëntheid gewees het. Net een tyd het hy my bitter teleurgestel, en dit was toe hy hom deur die oorlogsroes laat aansteek het en rooier jingo was as die Unioniste en soos ek hom in die Raad in sy gesig gesê het, van sy posisie as administrateur misbruik gemaak het om eleksie-agent te speel. Maar ek sou hom by die slotafrekening meer as dit vergewe het. Hy was in die posisie om Afrikaans dood te druk en hy het dit voortgehelp. Baie Afrikaners kon hulle vir die Hollander geskaam het.

Hoofstuk V

DIE AFRIKAANS-MOSIE

Sodanig was dan die terrein en sodanig die atmosfeer waarop en waarin ek my poginkie vir Afrikaans sou doen. Van die begin af was die vooruitsigte nie blink dat ek hoegenaamd iets sou kon uitvoer nie. Skaars 'n dag het verbygegaan sonder 'n storm, en ek was die storm-verwekker sonder aanhang of invloed. Maar ek het gewag tot die bestrede maatreëls agter ons rug was sodat ons almal kon saamwerk sonder rusie.

En dan was daar, deur die grootste wondergeluk van wat sommige toeval sal noem maar ek bestiering, 'n paar gunstige omstandighede aan my kant. Vereers was ek 'n Sap; wat die een party betref het, een van hulle. Wat die Unioniste-Party betref het, was ek bekend, en had ek myself daar verder bekend gemaak, as geen rasse-vuurvreter nie maar eerder 'n broadminded konsiliateur. In die taalstryd had ek, om redes wat reeds genoem is, nie teen Engels te velde getrek nie maar teen Nederlands. Was dit net enkele maande later gewees, toe die Groot Oorlog uitgebreek het en ek "in my ware kleure voor 'n dag gekom het" as tog maar 'n bekrompe damn Dutchman, dan sou nog Sap nog Unionis tweemaal na my mosie gekyk het nie.

Die tweede geluk was dat wat ek elders genoem het die Groot Trek na Holland om daar te gaan Afrikaanse taal en kuns en kultuur leer nog nie uitgebreek had nie. Die nuwe gesag was nog nie tot stand gekom om Afrikaans te

benadeel en van binne af in minagting te bring met spelling-geskille en Dietse idiome en malkunsstandaarde nie.

Die derde geluk was dat een of ander beskerm-engel my weerhou het van my gebruiklike dolle voortvarendheid van metode. Die mosie wat ek wou voorstel het ek oor en oor afgewater totdat hy die onskuld-self was. En ek het in verband daarmee geen propaganda of geskree gemaak nie, sodat die teëstanders daar buitekant die Raad, die groot geestelike volksleiers, aan die langsaam-haastende slaap gebly het. Had ek hulle wakker geraas met 'n voorafgaande ophef, had hulle selfs onder hulle stadig-vinnige sluimering gedroom van die misdadige komplot wat vlak onder hulle neus besig was om gesmee te word, dan sou hulle die lobbies van die Provinsiale Raad bestorm het met 'n oormag van erkende gesag wat my sou vernietig het. Maar my niksbeduidendheid was my behoud. My sterk punt van onbeteuelde geweld sou my ondergang gewees het; in stilte en vertroue was my krag. Ek moet glo maar erken dat ek my hierdie een slag self langsaam gehaas het.

Die mosie het in een dag ná 'n kort bespreking sonder teëstem deurgegaan. Hy was in die volgende vorm:

(23 April, 1914.)

De heer Langenhoven stelde voor, gesekondeerd door de heer van Rooy:

Dat deze Raad zijn goedkeuring hecht aan de toenemende handhaving door het Onderwijs Departement van deze Provincie van het gezonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zoals neergelegd in de Onderwijs Ordonnantie, en verder aanbeveelt dat dat beginsel verder uitgebreid worde door het gebruik van het Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de Vierde Standaard waar het Hollands volgens wet de voertaal is: Mits dat geen leesboeken, in het Afrikaans

geschreven, voorlopig worden toegelaten tenzij dezelve voorzien zijn van een getuigschrift van goedkeuring door een of meer personen van erkende bevoegdheid, daartoe benoemd door hetzij de Superintendent van Onderwijs, hetzij "de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst": en mits het gebruik van zodanige leesboeken niet toegelaten worde waar het betrokken schoolkomitee er bezwaar tegen heeft.

(As die leser so vrindelik wil wees om die bewoording van die mosie noukeurig te ontleed, sal hy sien dat daar onder al die voorafgaande, gedienstige afwatering 'n . . . vernuftige, sal ek maar sê? . . . afwatering van die voorbehoud weggesteek is. Net maar die boeke was onderhewig aan goedkeuring van gesag en aan die voorwaarde dat die skoolkomitee kon beswaar maak; die onderwyser se metode of taalbevoegdheid was aan geen van beide onderhewig nie; ook nie sy diskresie om die aanbeveling van die mosie uit te voer nie. Ek glo dat daar nooit sulke boeke met die vereiste getuigskrif van goedkeuring verskyn het nie — die onderwysers het gesorg om sonder die verlof van die persone van erkende bevoegdheid klaar te kom. Ek sê nie ek keur so 'n wetteloosheid goed nie, maar dit val my swaar om dit te betreur.)

Gelukkig het ek my eie kontemporêre verslag van hoe daar met die voorbereiding en behandeling van die mosie tewerk gegaan is. Die "Volkstem" het my namelik versoek om hom so 'n verslaggie te stuur, en dis hy wat hier volg. Ek sit hom in soos hy verskyn het met die Nederlandse spore wat deur die "Volkstem"-redaksie oor myne getrap is by wyse van korreksie.* Gelukkig is die inhoud nie op

* My aanhaling is uit 'n herdruk in die "Zuid Westen"; ek het nie 'n uitknipsel uit die "Volkstem" voor my nie. Daar kan foute by die herdruk ingesluip het.

Pretoria gekorriseer nie, en ook nie die taal nie behalwe om die alte Afrikaansigheid van die spraakkunstige vorms te veredel:

Die "Volkstem" editeur doet mij die eer aan om mij te versoek 'n stukkie vir sijn blad te skrijf in verband met die resolusie, wat deur die Kaapse Provinsiale Raad in sijn onlangse sitting gepasseer werd, waardeur Afrikaans vir die eerste maal in onse geskiedenis die offisiele erkenning verkrijg het, dat hij toegelaat word als permissiewe medium van onderwijs op onse lase lagere skole tot en met die vierde standaard. Aan hierdie versoek wil ik baje graag voldoen. Maar ik vind dit uiters moeilik om te weet waar om te begin en waar te eindig. Dit is nie soseer dat 'n man natuurlik huiwerig voel om sijn eie aandeel in 'n onderneming te beskrijf, waar hij toevallig die voortou moes neem nie: wat die ondergetekende gedaan het om die resolusie deur te werk was van so 'n geringe verdienstelikheid dat hij dit maar self kan verhaal sonder om sijn gevoel van beskeidenheid (wat buitendien nie buitensporig sterk ontwikkel is nie!) al te seer te krenk.

Dit was nog altijd mijn ondervinding in verband met die Afrikaanse beweging, dat 'n moeilikheid onoorkomelik lijk totdat jij bij hom is; en dan vind jij dat 'n hinderpaal wat van vér af gelijk het naar 'n digte dorenbos waar jare van inspanning sou nodig wees om 'n weg deur te baan — dat dit niks anders is nie als vrot takkies en spinnerakkies, waar jij eenvoudig kan deurloop. Bijvoorbeeld, toen ik die eerste die vermetele "ketters"-stap geneem het om die "Zuid-Westen" in Afrikaans te redigeer, was ik self bang dat die berge op mij sou omkeer. Maar niks het omgekeer nie. Onse plaselike maatskappij het nie in puin gestort nie; geen beroering het onder die volk gekom van 'n tiende die héwigheid van die Botha-Hertzog kwessie bijvoorbeeld nie. Daar was 'n gemompel en 'n slegmakerij — vooral agter mijn rug, want jij krij nooit die tegestanders van Afrikaans op die ope

veld nie. Maar die tegestand is in 'n korte paar jaar verander in die vurigste ondersteuning van al diegene wier opienie rekening wêrd is. En, tussen hakies wil ik hier graag mijn bangerige joernalistiese kollega's wat ook voorstanders van Afrikaans is, tog op die gemoed druk dat hulle maar sonder veel ophef hulle blaaie in Afrikaans moet uitgee. Hulle sal nie eens die roem van martelare verwerf nie. Die moed van hervormers en martelare ontbreek sommige van ons — ik weet dit want onse dade verkondig dit. Maar dié moed is nie nodig nie. Al wat nodig is, is die geringere dapperheid wat nie terugdeins vir 'n self-geskape spookgestalte nie. Die volk sal nie met jou baklei oor jij die volkstaal huldig nie, — nie vandag meer nie. Daar is nog van die ou leidsliede wat die beweging sou wil keer, maar hulle durf nie hulle mond meer oopmaak nie. Nou net so was dit in hierdie geval.

Met vrese en béwing had ik hier van Oudtshoorn af die reusetaak tegemoet gesien, om mijn kollega's in mijn nieuwe werkkring te oortuig van 'n redelike en vanselfsprekende waarheid: en siet, — die werk was so maklik dat daar geen lauwerkrans of martelaars kroon bij te verdien was nie. Hier dus, is nie die moeilikheid wat ik voel om die geskiedenis van die oorwinning te boek te stel nie. Maar wat daar gedaan moes word, was noodwendig grotendeels agter die skerme. Die bespreking in die Raad self was kort en, om die waarheid te sê, oppervlakkig. Die voorafgaande onderhandelinge was grotendeels vertrouwlik — soos trouwens altijd met kaukus-verrigtinge die geval is — en dus kan ik maar 'n suggestie hier en daar aanstip.

*

Bij mijn aankoms in Kaapstad het ik mij onmiddellik in verbinding gestel met van die plaselike voormanne van die Afrikaanse beweging. En nou wou ik graag hulle name hier noem met dankbare hulde wegens die hulp wat ik van hulle had bij die nodige aanvankelike propagandawerk. Maar helaas, ik moet hulle name verswijg, omdat hulle, inplaas

van te help vuurmaak, kou water aangedraag het. Aldus omtrent het ik vir hulle gesê: "Ik is van plan om 'n poging te maak, nadat ik mijn pad 'n bietjie gevoel het, en mijn medelede leer ken het, om 'n maatreel deur te krij vir die erkenning van Afrikaans, in hoe geringe mate ook, als aanvankelike lager-skool-medium. Ongelukkig, mijn oorredingskragte is maar gering; takt besit ik omtrent niks; op gesaghebbende autoriteit, hetsij als pedagoog, hetsij als filoloog, het ik nie die flauwste skaduw van 'n aanspraak nie. Mijn kollega's kan mij aansien vir 'n "crank" — 'n sonderling, 'n ketter met 'n malle nieuwe gelofie waarvoor hij bekeerlinge soek. Al wat ik mee gewapend is, is 'n vertérende geesdrifvuur, maar dié is in sulke sake eerder 'n nadeel, want dit ontneem 'n man die verstand van koelbloedige beraad. Help julle mij nou. Ons sal één aand bij hierdie hotel, kuier, 'n ander aand bij daardie losieshuis. Ons sal gesels oor die ding. Mijn Afrikaner-medelede sal sien dat daar gewigtige voormanne en autoriteite bij mij staan. Miskien van dese sessie sal dit te gauw wees; miskien aanstaande jaar sal daar ook nog geen kans wees nie. Ik sal mijself bedwing en nie voorbarig met 'n voorstel kom wat tog nie kan deurgaan nie en onse saak net maar agteruitsit. Maar ons moet beginne; die tijd gaat virbij. Ons volk het nie tijd om te laat verlore gaan nie. Ons is nakend waar onse tegestanders en mededingers van kop tot toon gewapen is. Help mij die begin maak."

So het ik gesmeek en gesoebat. En al wat ik gekrij 't was die verstandige raad: "Festina lente! Wag, moenie so haastig wees nie. Jij sal die mosie met 'n grote meerderheid verloor, en jij sal onse saak nét skade aandoen. Daar is die wetsbeswaar omtrent die bedoeling van artiekel 137 van onse Grondwet. Die Akademie het nog nie uitspraak gedaan omtrent die wenselikheid van onse moedertaal-medium nie. Wag totdat ons eers verder gevorder het in die pers en met onse literatuur. Wag totdat die kerk eers aan ons kant staat."

En daarop het mijn tijdelike, ongewone, en swaargedwonge besadigdheid van mij gevlieg soos 'n blits en plek gemaak vir die onbeteugelde woede van 'n fanatiek.

"Nou kijk," het ik geantwoord, "julle besadigde en verstandige virsigtigheid-aanraaiers; julle medewerkers wat die briek vasdraai teen die steil opdra'ende uit, staan julle nou eenkant opsij; en ik sal alleen te werk gaan. Ik sal nou voortvaar in mijn dolle rasernij sonder die onontbeerlike hulp van julle verstandige beraad; en ik sal die mosie voorstel al krij ik geen sekondant nie, al staan ik vir wat reg en waarheid is in die ganse Raadsaal stok alleen."

*

En miskien was dit daarom maar die regte weg!

Die medewerkers sou maar net mijn medelede van die Provinsiale Raad bang gemaak het — ook voorsigtig gemaak het. Paniek is net so aanstekelik als geesdrif! En op die end van die saak wanneer daar werk te doen is: gee mij die woeste halsoorkop dweper. Hij sal baje seer stampe krij, hij sal vrinde vervreem deur aanstoot; hij sal baje foute maak en op baje plekke sij eie saak deur taktelose onverstand benadeel. Maar terugdeins sal hij nie. Hij sal stukkend anderkant uitkom, maar uitkom sal hij. Dis 'n wonderlike ding wat één man, sonder bekwaamheid, sonder handigheid, sonder slag of takt, kan uitvoer als hij die soort geweldige en oorweldigende oortuiging bij homself besit wat uit diepe en volle en oorlopende siele-erns vloei.

Nou sal jij ons hier 'n klompie sien sit in 'n koffiehuis, en daar 'n paar op die pragtige nieuwe see-hoof, uitstrekkende oor die blauwe water van onse ongeëwenaarde Tafelbaai. En sommige van mijn maters mag nie al te veel belang stel in die ou stok-pêrdjie wat ik besig is om dood te rij nie. Maar dis wonderlik hoedat jij daarom met jou eie nasie-man kan gesels als al die argumente en redenasies aan jou kant is, en hulle word deurstraal van 'n gevoel wat tog maar in sijn diepste hart dieselfde weerklank vind als in joue.

En, ik herhaal dit, — daar was min te doen. Die vreselike tegestand was maar 'n spookgogga van mijn eie skepping. Dit was bijna teleurstellend om te vind dat daar so min roem uit die slag te hale was. 'n Stuk of wat van mijn kollega's was alreeds net so bekeerd en net so vurig vir die saak als ik. Ik sou meer name kon noem — maar neem nou 'n man soos Visser van Victoria West, en le Roux van Beaufort West (ik kies twee vóór die voet uit meer) albei besadigde, kalme, bijna stille manne, maar onwrikbaar in standvastigheid en onverskrokke vir hulle oortuiging — van die beste eksemplare van 'n Afrikaanse boer wat jij kan krij, en dit seg veel — ver-siende, skrander, opreg, deurdronge van die egte nasionalisme wat nie raas nie maar werk. Ik sou swaar aan hulle bekeer het, want die ou nasie van ons is konserwatief (en daarin is sijn behoud gewees tot vandag toe!) maar tot mijn verbasing, toen ik bij hulle aanklop vind ik hulle is reeds net so sterk vir Afrikaans als ik. En so bijna was dit deurgaans: Inplaas van vijande wat moes verslaan word met grote heldemoed — wat was daar? Almaal reeds gewonne of maklik te winne maters op die pad.

"Nou ja, jong, jij hoef nie bij mij virbij te beur nie — jij hoef mij ook nie uit jou pad te stoot nie. Als daar moet gebeur en gestoot word aan ander, wat in die pad staan, kan jij op mij skouer — en als dit nodig is, mijn vuis — reken om jou te help. Ik loop saam; ik sien mos jou koers is reg."

*

Hier en daar was éen wat besware had, en mijn eie oorredingskrag sou miskien kortgekom het — maar daar was 'n beter redevoerder als ik om mij op te beroep, namelik die jonge geleerde van Stellenbosch: Dr. Tobias Muller. Hijself was nie daar nie; maar die heer Tomlinson (dieselfde man, Meneer "Volkstem"-editeur, wat jou deur rusie-oorreding sovér gekrij het om die eerste afrikaanse inleidings-artiekel in hierdie blad te laat verskijn!) had mij 'n klompie eksemplare gestuur van Dr. Muller s'n "Geloofsbelijdenis van 'n Nasio-

nalist," en met behulp daarvan het ek diegene, onder mijn mede-Afrikaner-kollega's oorgehaal vir wie mijn eie argumente magteloos was. Alle dank aan Meneer Tomlinson en Dr. Muller. Sonder bewuste poging het hulle meer vir die saak gedaan als ik met mijn opsettelike strewe.

'n Korte onderhoud of wat met die Uitvoerende Komiteelede, met Dr. Muir, Superintendent van Onderwijs, en met die Administrateur, Sir Frederick de Waal, was voldoende sovér als hulle betref. Aangaande laasgenoemde is 't mij 'n voorreg om hier met innige dankbaarheid gewag te maak van die bereidwillige en hartelike ondersteuning wat ik van hom gekrij het bij die voorafgaande voorbereiding sowel als bij die bespreking in die raad self; en dit net nadat ik hom tamelik hewig aangeval had in mijn "maiden-speech" op 'n belangrijke maatreel.

Onder andere had ik ook 'n onderhoud met die editeur van "Ons Land" — "het blad welks houding tegenover het Afrikaans geen vijandige is"! Van daardie onderhoud hoef ek niks meer te sê nie, dan dat ons twee wedersijds uitmekaar gegaan het met min respekt vir mekaar se redelikheid en vatbaarheid vir oortuiging.

*

Toen was daar nog die ander helfte van die raadslede: die Engels-sprekende. Op mijn versoek, gewilliglik deur hulle toegestaan, het ik hulle in hulle eie kaukus ontmoet en mijn standpunt daar vir hulle uitgeleg in hulle eie taal. Eers het ik hulle oortuig deur verskillende autoriteite, hoe ons Afrikaans geen "poverty-stricken patois" is nie: hoe mijn meerdere en hulle meerdere hom bij voorkeur skrijf vir allerlei geleerde en letterkundige doeleindes. Toen het ik hulle mijn eie ervaring meegedeel bij die onderrig van hulle volksgenote, beide in Hooghollands en in Afrikaans. Ik het hulle daarop gewijs, dat eentaligheid vir hulle doofstom maak in hulle beroep, in hulle persoonlike omgang, in hulle politieke bedrijwigheid, in hulle besigheids verhoudinge, teenoor die belangrijkste helfte van die bevolking van Suid-Afrika; en hoe

hulle dus die heel eerste moes wees om 'n poging te verwelkom waardeur die aanleer van die tweede landstaal vir hulle maklik gemaak kan word. Ik het hulle gewaarsku dat dit hulle niks sou help om te probeer om 'n wig in te drijf tussen ons geledere — tussen die voorstanders van Afrikaans en die van Hollands nie, want in blote selfverdediging sou ons dan saam aan die ou kant staan. Hulle het vrage gedaan en besware geopper, en dié het ik so goed als ik kon beantwoord. Almaal van hulle was ongelukkig nie teenwoordig nie — en daaraan is te wijte die flauwe tegestand wat daar nog gekom 't bij die uiteindelike behandeling van die mosie. Maar eigelik was die saak gewonne vóordat hij vóor die Huis gekom het; sodat die inleier net 'n paar woorde nodig had bij die bespreking in die raadsaal.

*

Van mijn mense had ik uitdrukkelik versoek om nie op die mosie te spreek nie: ik was bang dat deur 'n lange bespreking allerhande sij-kwessies sou aangeraak word om net naderhand tot misverstand te lei. Want dit is 'n grote kwessie: almal het nie daar 'n grondige studie van gemaak nie; en daar is geen redenaarskuns (allerminst mijne) wat in éen toespraak 'n oneindige aantal tegewerpinge uit die pad kan redeneer nie. Dit was 'n goeie taktiek (waarop eie roem seker gegun kan word aan die arme drommel wat van takt anders totaal ontbloot is) wat tot die aardige resultaat gelei het dat mijn twee toesprake op die éen onderwerp wat in die ganse wije wêreld die naaste aan mijn hart lê, die swakste en flauwste was wat selfs ik ooit in mijn lewe gemaak het. 'n Grote redenaarstalent sou met 'n welsprekende orasie die indruk gegee het dat daar werkelik grote tegestand was om te oorwin. Hier was 't maar 'n formele ou mosietjie, waaroor dit nie nodig was om veel te seg nie, want elke hoorder kon immers nie anders nie als vanself daarmee eens wees.

*

Eén moeilikheid moet ik nie onaangeroer laat nie: en dit was die regskundige beswaar. Eén van die engelse sprekers

in die Raad het tog daarmee vóor 'n dag gekom, en daar moes 'n antwoord op gegee word. *Word Afrikaans inbegrepe in die woord "Dutch" of "Hollands" in Artiekel 137 van onse Grondwet?* So 'n beswaar is g'n haarklowerij nie; hij is 'n grondbeswaar. Want dit is ontegenseggelik dat die klassieke standaard-Hollands van Holland daar in die eerste plaas bedoel word soos die vertaling in Hollands was en die offisiele taal nog daarvandaan als vanself so gehou is. En als ons, Afrikaanse voorstanders, nou die posiesie inneem, dat Afrikaans nie 'n tongval of provinsialisme is nie, maar 'n *selfstandige taal,* dan kan jij geen tegestander kwalik neem vir die gevolgtrekking, dat die Grondwet maar net twee selfstandige tale op die oog had en nie drie nie, en dat Afrikaans dus uitgesluit is onder "Hollands." Dieselfde lange ervaring egter waarvan ik hierbo gewag gemaak het, het mij ook hier laat ondervinde, hoe die ijslike dwarsbome bij aanraking maar spinne-rakke word.

"Meneer Voorsitter (het ik hierop geseg, in mijn repliek), ik behoef nie 'n interpretasie te waag aan Artiekel 137 nie. U het dit reeds uitgeleg. U leg dit nog dag vir dag uit. Als Artiekel 137 Afrikaans uitsluit, dan is ik en al mijn medelede elke slag wanneer ons U hier toespreek in Afrikaans, uit die orde uit! Dan is dit uw plig om ons stil te maak, net so goed alsof ons Duits of Frans of Sesoeto praat."

En daarmee was die beswaar tot niet. Daarom behels die mosie in sijn vorm ook geen nieuwe wetgewing nie: hij is maar 'n "aanbeveling" om 'n wenselike ding te doen wat sonder hom reeds wettig is — soos bijvoorbeeld 'n aanbeveling sou wees om eerder met die vak van geskiedenis te begin in die lagere standaarde. Veronderstel ons Hooggeregshof sou bij 'n toets-saak 'n ander interpretasie aan Artiekel 137 gee, waardeur Afrikaans uitgesluit word — en daar is van ons regters wat met te meer graagte dit sou doen omdat hulle om enige Hollands, hetsij Hooghollands, hetsij Afrikaans, bloed min gee — dan moet ons eenvoudig die Konstitusie verander, en totdat hij verander is, *en om die veran-*

dering te forseer, sal ik in welke wetgewing ik ooit die reg mag hê om sitting te neem, die eerste wees om te eis dat die "Speaker" of President of Voorsitter Afrikaanssprekende lede stop om hulle eie taal te gebruik.

*

Hier wil ik nou interpelleer dat ik oor hierdie selfde regspunt 'n onderhoud had met onse Nieuwe Minister van Justiesie, — lang mag hij floreer, want hij is 'n Afrikaner dwars deur en deur. En wat hij vir Afrikaans reeds gedaan het in sijn offisiele betrekking sal ik graag ander dag vertel. Wakkere Nicolaas de Wet: jij is nie 'n man wat raas nie; maar in jou stille bedaardheid is daar 'n reusekrag gelege. Jij is ook nie van die bedaarde tegehouers wat opdraend briek aandraai nie. Jou land waardeer jou nog nie genoeg nie; maar wanneer ik aan die Bijbel-teks denk: "Wat baat het den mensch zoo hij de gehele wereld gewint en schade lijdt aan zijne ziel?" dan denk ik dat jij die grotere werk doen vir die geestes-behoud van jou volk waar jou kollega's in die Kabinet meer tasbaar ijwer vir die stoffelike. Minister de Wet s'n opvatting is, dat die Akademie als hoogste taalliggaam in Suid Afrika deur Hooghollands en Afrikaans op gelijke voet te plaas, die uitleg gee aan Art. 137 wat in sijn (de Wet's) eie gedagte was toen die artiekel in die Konvensie opgestel werd: namelik, dat "Hollands" die *genus* is waaronder Nederlands en Afrikaans als *species* inbegrepe word, also:

Hollands { Afrikaans.
Nederlands (die taal van Holland.)

In Nederland glo ik is die benaming anders. Daar is "Nederlands" die algemene term waaronder die spesiale vorme ingesluit word, also:

Nederlands { Hollands (die taal van Holland.)
Fries,
Vlaams,
Afrikaans, ens.

Vir mij part kan die wetsgeleerde en skrifgeleerde en Fariseërs en taalgeleerde nou maar oor die terme baklei: ik sal wag om te spook totdat ik mij ergens teen 'n ongunstige gesaghebbende interpretasie vasloop.

*

Bij die bespreking in die Provinsiale Raad het één van die engels-sprekende lede (één wat toevallig nie teenwoordig was bij mijn onderhoud met sijn partijgenote in hulle kaukus nie) mij onwillekeurig 'n grote diens bewijs. Hij het, — hoewel nie op buitensporig-belédigende wijse nie, — die ou storie verkoop van gevaar om 'n lage "brabbeltaal" op die skole in te voer. Dit was die één ding wat nodig was — als daar nog één nodig was — om selfs die flauwe lede van mijn ou nasie geesdriftig aan mijn kant te skaar. "Is dan die huis van elke opgevoede Afrikaner ongekultureer," had ik maar net nodig om te vraag, in mijn repliek, "omdat hij nie met sijn eggenoot en kroos Engels of Hooghollands gesels nie?" En dié één vraag was genoeg! Hij moet altijd genoeg wees — vir 'n Afrikaner.

En na afloop van 'n bespreking en die passere van die resolusie, *sonder 'n enkele tegestem* — wat? Basuingeskal? Nee, 'n doodse stilte! Private briewe en telegramme genoeg; maar die Kaapse dagbladpers het oor die algemeen die ou veilige taktiek van doodswijge gevolg. 'n Week of wat daarna het die "Argus" te voorskijn getree met 'n korte en gunstige hoof-artiekeltjie. (Die "Argus" was nog altijd gunstig gesind jegens die Afrikaans-beweging). Maar die "Cape Times" — wat nog nooit 'n goeie woord gehad het vir die "armoedige patois" nie, — en "Ons Land" — "welks houding tegenover het Afrikaans niet een vijandige is"! — het tjoep-stil geblij: tande knersend van ergernis, maar te doodsbang om hulle mond oop te maak. Swijg maar, tegestanders: die tijd van doodswijge is virbij. Julle kan nie die stem van Suid Afrika doodswijg nie.

*

Die wakkere advokaat W. J. van Zijl het mij op die gedagte gebreng om 'n vergaderinkie bij een te roep solang als ik nog daar was, om te beraadslaag oor die eerste stappe wat sou geneem word om aan die besluit van die Provinsiale Raad uitvoering te gee; en hij en ik het rondgeloop en versamel. Ons het bijmekaar gekrij (hierdie slag noem ik die name met plesier): President Reitz, Minister de Wet, adv. van Zijl, adv. Pienaar, adv. Roux, adv. de Waal, ds. Gerdner, meneer van der Horst, dr. Tobias Muller, meneer Tomlinson, meneer W. Hofmeyr, en ondergetékende. Daar was weer besware, en raad om "langsaam te haaste" en *festina lente*-meksims, en so voort — natuurlik! Maar 'n opdrag werd gegee aan die bestuur van die A.T.V. om dadelik voorsiening te laat maak vir die skrijwe van die afrikaanse skoolboekies deur vakmanne en om die nodige propagandawerk onder onderwijsers te doen deur wie die skool-komitees moet beweeg word om die nodige toestemming volgens die gepasseerde resolusie, te gee. En twee staaltjies van daardie vergadering wil ek graag aanhaal, sonder om name te noem, — net om te wijs dat daar erns in die saak is.

Eén van die aanwesige het gesê:

"Kijk, ik is moeg van uitstel en afstel. Ik besit min tijd, min vermoge, min gesondheid, min bekwaamheid. Ik is geen vakman nie. Maar ik dreig julle nou met hierdie ultimatum: Als hierdie werk op die lange baan geskuif word, sal julle tweede-klas boeke sien uitkom inplaas van die eerste-klas voortbrengsels van deskundige. Want dan gaan ik snags opsit en hulle self skrijf!"

En 'n ander van die aanwesige het gesê:

"Julle praat van drukkers en uitgewers-onkoste, wat miskien 'n honderd pond of meer kan bedraag, omdat die boeke eers moet daar wees voordat ons seker kan wees van die toestemming van genoeg skoolkomitees om die publikasie betaalbaar te maak. Breng mij die manuskripte; ik sal sorg vir die nodige geld om hulle te laat druk en uitgee."

*

Nou, als die tijd in die ou Kolonie rijp is, dan is hij in die ou republieke oorrijp. Als die eerste stap op die weg van erkenning hier geen grote moeite gekos het nie, sal hij daar glad g'n moeite kos nie. Die diens van ons volk skreeuw om werkers, maar hij vraag maar net gewilligheid. Hij sal geen vergeefse diens noch 'n ondanksdiens ooit wees op die lange duur nie; want die hart van ons ou nasie is reg. En, — ik herhaal, — alleen maar gewillige werkers is nodig. Die waarheid kan klaarkom sonder danig bekwame handlangers.

Oudtshoorn, 14 Mei, 1914.

Die dilemma wat in die verslag aangeraak word — of Afrikaans maar 'n vorm van Hollands of Dutch is dan of hy 'n selfstandige taal is — was gladnie so eenvoudig soos dit daar gestel is nie. Ek kan nou opelik praat, soos die Duitse kanselier oor die inval in België. As 'n saak van sentiment en nasionale hoogmoed sou dit my bitterlik bedroef om te moet erken dat die twee tale een taal is — dit was dan juis die groot bedrogs-verwarring waardeur ons eie taal so lank van ons weggehou is. Maar deur bevoegde regs-interpretasie sou die saak moes beslis geword het sonder sentiment deur 'n gevoellose regbank. As die twee tale een is, dan kon ons maar sonder wetswysiging aangehou het om Afrikaans oral in te voer waar hy vandag in gebruik is — Artikel 137 van die Grondwet had ons mos dan vanself die mag verleen. En in werklikheid het ons dit in verskeie rigtings gedoen ook, Ons Provinsiale Ordonnansie van 1918, waardeur Afrikaans in die plaas van die Nederlands van die oorspronklike Taal-Ordonnansie gestel is, is gepasseer voor die wysiging van Artikel 137. En nog voor 1918 het ekself 'n Afrikaanse akte in ons transport-kantoor laat registreer.

Maar as daar 'n toetssaak voor die regbank gekom het, en die regbank het die teenoorgestelde interpretasie aan die

woord "Dutch" gegee, dan was alle Afrikaanse wetgewing 'n nulliteit, want dan was dit ongehoorsaam aan die gebiedende bepaling van die Grondwet.

Met meer bejaarde versigtigheid sou ek voor so 'n ernstige moeilikheid soos hierdie teruggedeins het in 1914. Maar gelukkig, die teëparty — die anti-Afrikaans-mense — kon dit nie bekostig om hierdie beswaar te opper nie: hulle was dan honderd jaar en langer besig gewees om die volk wys te maak dat die twee tale een is; dit was die enigste hoegenaamde voorwendsel van grond onder hulle voete. En hier kom ons, Afrikaans-voorstanders, nou saamstem met hulle om 'n teen-oorgestelde oogmerk te bereik. Ek het nog nooit 'n koddiger ooreenkoms in 'n geskilpunt gesien nie. Maar ons sal weer by hierdie dilemma te lande kom in 'n later hoofstuk.

Wat ek egter met my mosie reggekry het, ten spyte van die dilemma, was om eenmaal op die wetboek, al was dit maar die provinsiale administrasieboek, en al was dit maar in hoe 'n klein hoekie van die ontsaglike terrein wat moes verower word, 'n skerp lyn te trek tussen Afrikaans en Nederlands en aan die handige verwarring wat daar nog altyd was 'n end te maak. Want so gou as jy sê Afrikaans kan hier gebruik word en Nederlands moet daar gebruik word, maak jy 'n volstrekte logiese skeiding tussen die twee. Die dun end van die wig was 'n rewolusie — dit was die eerste stoot aan die wiel vir die grootste omwenteling in ons geskiedenis. Want 'n volk, soos 'n enkele mens, word deur sy siel geregeer.

Hoofstuk VI

AGTERUIT EN VOORUIT

Wat die algemene volk betref, het die besluit van die Provinsiale Raad geen opskudding veroorsaak nie. Die akker was voorberei geword, gereed om die saad te ontvang. Onderwysers was daar oral wat gretig was om van die nuwe voorreg gebruik te maak, maar hulle gesag, die departement en sy staf, klerke en inspekteurs, was op weinige uitsonderings ná, erger as onsimpatiek. 'n Onderwyser had rede om bang te wees dat hy deur gehoorsaamheid aan die uitdruklike aanbeveling van die hoër gesag, die Provinsiale Raad, in onguns sou raak by die laer gesag van sy beroepshoofde. Ons knegte in die staatsdiens, ook in wyer kringe as die onderwys-departement, had mos honderd jaar en langer aan 'n oorheersende kaste behoort, wat by hulle die opvatting vasgekweek het dat hulle ons base was. Ek praat oor my eie provinsie waar ek as provinsiale raadslid en later as lid van die uitvoerende komitee op hoogte was van die loop van sake. In die twee noordelike provinsies, wat baie gou ons besluit met verdergaande besluite van hulle eie opgevolg het, kan dit van die begin af beter gegaan het.

Wat die beroepsgesag betref, die sekulêre Afrikaner-geleerdes was byna man vir man hartstogtelik pro-Afrikaans. Die paar heiningsitters het nie getel nie — tel vandag nog min nadat hulle eindelik aan die regte kant van die heining afgespring het. Dooi visse word nie vir hulle bekwaamheid om met die stroom saam afdraend te swem geëer nie. En

destyds was die nuutste, herdietste gesag nog nie aan die bewind nie.

En dan was daar — ek praat van my eie Kerk — die geestelike gesag, veral die van die ouer predikante en professore, met 'n ontsaglike invloed oor veral die ouer lede van die Kerk. 'n Mens voel ongeneë om hulle te veroordeel. Dis byna onmoontlik om van die versteende gebruike en oortuigings van 'n lang lewenstyd los te kom. Hervormers moet hulle bekeerlinge soek by die jeug. Maar laat ons hulde bring waar hulde verdien is. Deur ons geskiedenis heen had ons in ons predikante, en sekerlik nie te minder nie in die predikante van die óu skool, 'n klas manne wat ten opsigte van degelikheid van geleerdheid te midde van 'n oor die algemeen byna ongeletterde bevolking, voorbeeldigheid van lewe en waardigheid van gedrag, 'n gunstige vergelyking kon deurstaan met die geestelike leiers van welke ander gesindheid of volk of tydperk van die geskiedenis ook. En aan die kant van die nasionale Afrikanerdom het hulle, op weinige uitsonderings ná, pal gestaan terwyl vertroude politieke leiers gewankel en geval het en ander met geleerdheid bevoorregtes oorgeloop het na die vyand toe.

en bewezen — kan de afrikaner-leerling bij de derde standaard korrekt afrikaans schrijven — de taal die de meerderheid onzer grootste geleerden in het land niet onwaardig vindt te schrijven. Dat korrekt schrijven betekent meer dan de prestige van de schrijver bij zijn lezers — en dat telt al veel inzoverre niet alleen de stoffelike marktwaarde van de mens maar zijn geluk en zijn invloed op het geluk van anderen samenhangen met zijn opvoedingsreputatie — maar het betekent verder de eerste grote stap tot de vorming van een heldere gedachtegang. En om nog hoger te gaan, betekent het de vorming van zijn karakter langs de weg van zijn zelfrespèkt. Om nu van de kinderen van ons volk, die wij niet kunnen toerusten voor de strijd des levens naar de mate van hun rechtmatige aanspraak, nog het weinige dat wij hun konden schenken ook te onthouden plaatst op ons een bitter ernstige verantwoordelikheid. De toekomst van slechts een enkel menseleven is geen kleinigheid.

Hierbij moet ik de zaak laten, vooraf wetende dat zij nu niet beredderd zal worden maar toch ook vooraf wetende dat het nageslacht haar als een vanzelfsprekend beginsel zal aanvaarden en beoefenen. Intussen is er alweer een geslacht aan het opgroeien.

Ek het reeds beduie dat die Rapport sonder uitwerking was — 'n uiters bekwame maar hopelose poging om 'n sterwende stelsel deur kunsmatige dwang aan die lewe te hou. Hoe wáar dit was, blyk daaruit dat die Administrateur, Sir Frederic de Waal self, binne agtien maande ná die verskyning van die Rapport, 'n Ordonnansie by die Raad ingedien het, wat daar sonder teëstand deurgegaan het, waardeur Afrikaans, in plaas van Nederlands onder die Taal-Ordonnansie van 1912, by besluit van die betrokke skoolkommissie, tot die vierde standaard ten volle kon toegelaat word. Met ander woorde, dit was 'n wettiging van die Langenhoven-resolusie van 1914, met wegneming van

belemmerende voorwaardes. Hiervoor, en vir sy konsekwent-simpatieke en hulpvaardige houding teenoor Afrikaans, is ons groot erkentenis aan Sir Frederic de Waal verskuldig. Hoe my voorstel in 1914 ook ontvang was — soos die party-verhoudings in 1918 gestaan het kon de Waal so 'n Ordon-nansie deurkry, vir my sou dit malligheid gewees het om selfs so 'n voorstel te waag. Dit sou eenvoudig op 'n noodlottige terugslag uitgeloop het.

Intussen, so nederig as die plekkie nog tot destyds toe altyd was wat van gesagsweë aan die taal van Suid-Afrika gegun is in die skole van Suid-Afrika, het hy aanstonds self deurgedring tot bo uit. Nederlands kon met gesag en al nie vorder nie — nie eens staande bly nie. Afrikaans het sonder gesag met 'n onweerstaanbare krag voortgestorm. By leraars en by leerlinge was daar nou die drang van spontane liefde. Dit was nou netso min moontlik om Afrikaans te keer as wat dit vroeër moontlik was om Nederlands te dryf.

Dis die eienaardigheid van 'n stryd wat baie lank aangehou het — die Groot Oorlog was 'n goeie voorbeeld — dat wanneer een kant eindelik begint te wankel, hy dan nie trapsgewyse verswak nie, maar plotseling op alle fronte ineenstort. Dis of die swakheid hier en die meerderheid daar albei aansteeklik is. So het dit gegaan op die end van die konflik tussen Afrikaans en Nederlands. Ná die stryd van soveel jare, met Nederlands in besit van die volle terrein en alle mag en gesag aan sy kant om hom daar te handhaaf, het sy verdediging van 1914 af eenvoudig links en regs en bo en onder platgesak. Die debakel was so algemeen en deurgrypend dat 'n mens jou moes verwonder waarin die langdurige krag van teëstand dan bestaan het. So moes beide die Israeliete en die Filistyne aan die getuienis van hulle eie oë getwyfel het toe hulle Goliat sien neerslaan voor die slingersteen van 'n skaapwagterseuntjie.

Onder ander het ons boonste wetgeërs se oë skielik oopgegaan tot die besef dat daar 'n gewigtiger saak was om hulle aandag aan te gee as al die ander sake, hoe gewigtig dit self ook was, waaroor die politieke stryd heen en weer gewoed het. In Maart, 1918, het Jannie de Waal hierdie mosie by die Volksraad ingedien, gesekondeer deur lid Schurinck:

Dit Huis beschouwt dat voor de doeleinden van staatsadministrasie Afrikaans worde inbegrepen onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie.

Daarop is deur die destydse Minister van Justisie, Klasie de Wet, gesekondeer deur Meneer C. A. van Niekerk (nou President van die Senaat), die volgende amendement voorgestel wat sonder verdeling deurgegaan het:

Dit Huis beschouwt dat Afrikaans wordt inbegrepen onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie en dat dit beginsel erkent behoort te worden voor alle Staats- en officiële doeleinden, behalve in gevallen van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement en van officiële dokumenten van beide Huizen van Parlement, in welke gevallen slechts de vereenvoudigde vorm van Hollands gebezigd zal worden.

In verband met Jannie se mosie is daar twee opmerkings om te maak. Vereers wys ek maar weer daarop dat beide mosie en amendement van die standpunt uitgaan dat geen wysiging van die Grondwet nodig was nie. Ja, die Volksraad het hier plegtig besluit dat dit sy "beskouing" was dat Artikel 137 moes geïnterpreteer word as Afrikaans saam met Nederlands behelsende onder die een term "Dutch." Maar natuurlik, die Regbank was nie aan so 'n opinie gebonde nie.

Ten tweede sal die leser sien dat Jannie alles wou hê, maar die amendement wou nie Afrikaans as skryftaal van die Parlement toelaat nie. Selfs formeel was die bewoording koddig-onlogies: as jy eers die wettige erkenning gedoen had dat Afrikaans onder Artiekel 137 inbegrepe was, hoe kon jy dan lid of klerk verbieë om hom in die Parlement te gebruik? Maar al het Jannie nie alles gekry nie het hy 'n baie groot voorwaartse stap bewerkstellig. *Hy het die hele Staatsdiens in al sy vertakkings vir Afrikaans oopgesit.* Dit was 'n reusesprong op die weg tot volkome wettelike erkenning.

Gedurende hierdie jare was daar 'n onderbreking van die amptelike Hansard-verslae van die toesprake in die Volksraad. Toe Hansard vervat is, in 1924, is die verslaggeërs eenvoudig administratief gelas, sonder besluit van die Volksraad, om Afrikaanse toesprake in Afrikaans te rapporteer. (Een ou het Nederlands gepraat, en hy kon, want hy was 'n Hollander; en syne is in Nederlands gerapporteer.) Dis nie die enigste geval waar die Afrikaanse vloedgolf by die wetgewende gesag verbygestroom het nie.

Die Senaat se Hansard-verslae, al is dit verskeie jare net getik en nie gedruk nie, is nooit soos die Volksraad s'n onderbreek nie. In 1921, die eerste jaar van my lidmaatskap, het ek voorgestel, as amendement op 'n ander Hansard-betreffende voorstel, dat Afrikaanse toesprake in Afrikaans sou gerapporteer word. Onder die reëls van prosedure was daar nie 'n regstreekse verdeling oor hierdie spesifieke voorstel nie; my amendement het saam met ander verongeluk. Maar in 1923 het die Sessiekomitee op Huishoudelike Reëling die gebruik van Afrikaans in Hansard aanbeveel en dit is deur die Huis aangeneem.

In die volgende hoofstuk sal ons die afhandeling van die saak deur die Parlement onder vlugtige beskouing neem.

Hoofstuk VIII

DIE GRONDWETTELIKE SLAGBOOM

Op die 18de Februarie, 1925, het die Volksraad, op voorstel van die Minister van Onderwys (Dr. D. F. Malan) besluit om 'n Gekose Komitee van drie lede te benoem om saam met 'n dergelike Komitee van die Senaat

de kwestie te overwegen of, en indien wel, in hoeverre, de Afrikaanse vorm van de Hollandse taal in plaats van de Nederlandse taal-vorm van Hollands gebruikt zal worden ten aanzien van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement, alsook ten aanzien van officiële dokumenten van beide Huizen . . . . . .

Met hierdie besluit het die Senaat die volgende dag, ook op voorstel van Dr. Malan, ingestem.

Op die Gesamentlike Komitee is benoem(:) Vir die Senaat, Senatore Langenhoven, Reitz en Schweizer; vir die Volksraad, Dr. Malan, Meneer Krige en Dr. N. J. van der Merwe.

Die Gesamentlike Komitee het net sewe voormiddae gesit, beginnende op die 24ste Februarie, en besluitende op die 12de Maart, 1925. In daardie sewe sittings is daar groot werk gedoen.*) Die Rapport van die Komitee, en die Hansard-Verslae van die besprekings by sy benoeming en by die voorlê van sy Rapport, in albei Huise, is natuurlik

*)Komitee-besprekings word nie gerapporteer en nie genotuleer nie, netmaar voorstelle en besluite.

vir elkeen toeganklik en selfs te koop (solank as daar eksemplare in voorraad bly.) Dus hoef ek nie hier meer te doen nie as om na hoofpunte te verwys.

Op die eerste vergadering is, op voorstel van Dr. Malan, Senator (President) Reitz tot voorsitter benoem. En dit was 'n waardige bekroning van die lewenswerk van hierdie gryse landsvader, wat vir Afrikaans geywer het, nie met teoretiese propaganda nie maar met praktiese skeppingsdiens, toe die meeste van ons wat later daarvoor gewerk het nog in die wieg was of nog nie daar nie, en die ander òf onverskillig was òf besig was om hulle langsaam te haas — die Staatsvader, as ek dit hier mag bysê, wat deur 'n lang lewe van volksdiens in die verantwoordelikste betrekkings, een van die seer weiniges was wat geen spore getrap het wat hy of ons vandag sou wens dat hulle kon doodgevee word nie.

Op daardie eerste vergadering is, op my voorstel, besluit

Dat getuigenis onder de volgende hoofden ingewonnen worde:

(a) De Konstitutionele Rechtskwestie;

(b) De Taalkwestie, insluitende de kwestie van de wijziging van artikel 137 van de Zuid-Afrika Wet, 1909,

(c) De Praktiese Uitvoerbaarheid;

en dat om mee te begint, die volgende getuies*) sou geroep word:

Op (a), die Minister van Mynwese (Advokaat F. W. Beyers), Advokaat Fagan, gewese Hoofregter Melius de Villiers en Regter J. de Villiers;

---

*)Soos dit getref het was Professor J. J. Smith afwesig, op uitnodiging na Holland.

Op (b), Professor Pienaar, Advokaat Fagan, Dr. D. B. Bosman, Dr. F. E. Malherbe, Professor Botha, Dr. W. J. Viljoen en Meneer Gustav Preller;

En op (c), die Klerke van die twee Huise en die Wetsopsteller.

Die leser sien dat ek nie uit my pad uit gegaan het om vooraanstaande teëstanders weg te hou nie, hoewel daar bitter min verklaardes nog oor was. Wat wel oor was, was die gevaarliker klas van afskuiwers met die ou voorwendsel van die wenselikheid van langsame haas en met hulle oog op die ewigheid.

Maar nadat die Komitee agt getuies gehoor had, was daar geen teëstem op my voorstel dat verder getuienis onnodig was nie. Die volgende was die agt (ek gee hulle, volgens die Verslag, na rang van die abc):

Dr. D. B. Bosman, M.A., Ph.D., Lektor aan die Universiteit van Kaapstad;

Adv. A. v. d. S. Centlivres, Parlements-Wetsopsteller;

Mnr. E. M. O. Clough, C.M.G., Klerk van die Senaat;

Mnr. H. A. Fagan, B.A., LL.B., Advokaat, Kaapstad;

Mnr. C. G. Murray, Hoofvertaler van die Volksraad;

Dr. E. C. Pienaar, B.A., Litt.D., Professor in Nederlandse en Afrikaanse Lettere aan die Universiteit van Stellenbosch;

Dr. W. J. Viljoen, M.A., Ph.D., L.N.C., D.C.L., Sup.-Generaal van Onderwys, K.P.;

Mnr. D. H. Visser, Klerk van die Volksraad.

Die konstitusionele regskwessie laat ek vir die laaste.

Ten opsigte van die bruikbaarheid of dienstigheid van Afrikaans was daar die ou poging om aan te toon dat die taal nog te "onvas" was in sy vorms, vernamelik ten opsigte van sy spelling. As hierdie gryse beswaar ook nog gegrond was, en as die self-onvastes wat hom gemaak het hom kon

laat gelde, sou Afrikaans tot in der ewigheid onaangewend gebly het, want jy kon hom nie gebruik voor hy vastigheid had nie en jy kon hom geen vastigheid gee sonder om hom te gebruik nie.

Oor hierdie onvastigheid was Meneer C. G. Murray, die Hoofvertaler van die Parlement, die sterk beswaarmaker. In 'n voorafgaande memorandum van hom wat voorgelê was, en wat hy op versoek van Meneer Visser opgestel had, had hy, as een van die moeilikhede wat die invoering van Afrikaans op die staf van vertalers sou gooi, gepraat van

het feit dat Afrikaans, vergeleken met Hollands, niet zulk een vaste taal met zulk een vaste en algemeen erkende spraakkunst en spelling is.

Toe hy as getuie opgeroep word, het Meneer Joel Krige hom dadelik op hierdie punt ondervra, en hom die kans gegee om die beswaar met nadruk te bevestig:

Iemand die Afrikaans schrijven wil, vindt dat er heelwat woorden zijn die op tweërlei wijze gespeld worden, en er zijn ook meer dubbele of wisselvormen in Afrikaans dan in het Engels of in het Hollands . . . . .

De moeilikheid komt hierop neer, namelik dat de dokumenten of stukken van het Huis in grote haast vertaald moeten worden, en als jij dan vinnig aan het vertalen is, dan steekt je mischien vast door in twijfel te zijn omtrent het schrijven van een woord. Volgens je oor moet het zo geschreven worden, maar je weet niet of dat de spelling is door de Akademie aangenomen.

En toe Dr. Malan hom vra of die voorgestelde woordeboek nie die moeilikheid uit die weg sou ruim nie, was sy beswaar nog

dat er veel tijd mee verloren gaat als men te dikwels een woordeboek moet opslaan.

Maar die moeilikheid het eintlik op iets anders neergekom, namelik dat die staf van vertalers onkundig was. Soos uit antwoorde op verder vrae geblyk het was Meneer Murray 'n gereëlde leser van "die Burger," en hier en daar van Afrikaanse werke, maar hy was nie op hoogte van die Afrikaanse letterkunde nie. Hy moes erken dat "die Burger" in weinige jare 'n vaste standaard bereik had. Wat die res van sy staf betref, was sy pleidooi:

Zij zijn geboren Nederlanders; in hun vak zijn zij uitstekend bekwaam, en zij lezen dageliks Afrikaans. Maar dat zij in Afrikaans even gemaklik als in Hollands zullen kunnen vertalen, denk ik, is te veel van hen verwacht.

Met ander woorde, die helfte van die diens van die volk moes nog maar voortaan vir Engelse amptenare ingerig bly en die ander helfte vir Hollanders en die Afrikaners moes buite staan.

Gewese Hoofregter Melius de Villiers is op die ou end nie as getuie voorgeroep nie, maar 'n uittreksel uit 'n stuk van hom wat in die "South African Law Journal" verskyn het, is voorgelê. Daarin het hy met sy gebruiklike minagting gepraat van Afrikaans

the supporters of which even maintain that it is not a mere dialect or *patois* but a "taal" or language.

(Tussen hakies, Meneer Melius de Villiers se aanhoudende geskryf teen Afrikaans in die Engelse pers het hom eenmaal by 'n tussen-vakature 'n setel in die Senaat gekos wat anders seker syne sou gewees het. Ek was destyds een van die kiesers en my kant had die nodige stemme. Arme ou garde! Daar was van hulle wat op hierdie punt monomanies was. Maar geeneen van hulle was so 'n goeie namaaksel dat jy

hom ooit vir 'n Hollander sou aangesien het of selfs sy geskrif vir die van 'n Hollander sou gelees het nie.)

Maar die tyd van die Rehums en Simsais was verby. Geen getuie van kennis en aansien het voor die Komitee verskyn om Afrikaans te kom slegmaak as minderwaardig nie. As daar nog so een in die hele land te kry was, sou hy hom net self verspot gemaak het. Wat die punt van doelmatigheid betref, het die bewering van onvastheid sy doodsteke daar voor die Komitee gekry, veral van Advokaat Fagan en Professor Pienaar.

Fagan het onder ander verklaar:

Voor rechtsgebruik is Afrikaans even geschikt als enige andere taal . . . . In zoverre mijn ondervinding strekt, is Afrikaans geen dubbelzinnige taal.

Op drie vrae van Meneer Krige ná en een formele van Dr. Malan, het Fagan sy hele lange en gewigtige getuienis afgelê op enkele rigting-aanduidende vrae van my. Daar was geen poging tot kruisverhoor nie. Ek had eintlik daarna gesmag dat daar wel kruisvrae sou wees. Met so 'n getuie sou dit 'n aardigheid gewees het.

Soos van Fagan wens ek dat ek meer van Pienaar kon aanhaal. Die hulde wat hy, sprekende met taalgesag, aan Afrikaans toegeswaai het, staan as 'n monument tot sy eie eer. In verband met die ou storie van onvastheid vergenoeg ek my hier met die professor se twee slot-antwoorde, op vrae deur my gestel:

Vraag. — Het Afrikaans in Zuid-Afrika is meer uniform dan het Hollands in Holland is, of dan Frans in Frankrijk of Engels in Engeland is?

Antwoord. — Ongetwijfeld. Dat is zover het de spreek-taal betreft.

Vraag. — Als men van uniformiteit spreekt, dan is de uniformiteit aan onze kant? Antwoord. — Ja.

Op hierdie punt dan, die bruikbaarheid van Afrikaans, had die getuienis aan ons kant alle moontlikheid van teëstand platgeslaan. Op die volgende punt, die moeilikhede wat dan aan die oorgang van Nederlands tot Afrikaans verbonde sou wees, was daar die besware, reeds gemeld, van die Hoofvertaler, Meneer Murray. Hierin is hy enigsins bygestaan, maar nie in 'n vyandige gees nie, deur Meneer Visser, die Klerk van die Volksraad. Meneer Visser se groot moeilikheid had te doen met wysigings in Afrikaans van vorige Wette wat in Hooghollands op die Wetboek staan. Hierop was twee teë-oorwegings afdoende. Vereers moes ons reeds in elke geval ou Engelse wette uit ons eentalige Parlementstyd deur Nederlands wysig. En ten tweede sou ons nie die moeilikheid verminder deur versuim nie maar vererger:

Vraag. — Indien wij 50 jaar wachten voordat wij Afrikaans als medium van de wet invoeren, dan zullen wij nog de wetten van die 50 jaar er bij hebben?

Antwoord. — Ja, bepaald.

Wat die Komitee betref, was hierdie twee punte afgehandel. Daar was niks meer te sê nie. Maar die endbeslissing was natuurlik nie in die hande van die Komitee nie. Hy kon maar aanbevelings doen aan die twee Huise waardeur hy benoem was, en waar redelikheid en logika nie altyd die deurslag gee nie. En as daar 'n verandering van die Grondwet nodig was (waaroor later) had ons 'n twee-derdes se meerderheid nodig. Daarom het daar so ontsaglik veel afgehang van die getuienis van Dr. Viljoen, die Kaapse Superintendent-Generaal van Onderwys. Dis noueliks te veel om te sê dat, soos die partye gestaan het,

met die Engelssprekende lede sonder sterk neiging eenkant-toe of anderkant-toe, en dus bereid om te swaai na watter kant hulle maters mog besluit, die lot van Afrikaans op hierdie stadium in die hande van Dr. Viljoen was. Dis nie nodig om hier op die vraag in te gaan of hy deur sy houding tot hiertoe die verwagting gebillik had nie, maar hy is sekerlik deur die teëstanders beskou geword as hulle kamp-vegter, die een man van bevoegde kennis en gesag op wie hulle kon reken, al het hy hulle dan maar die ekskuus verskaf om die voorgestelde verandering te laat verongeluk. Ekself het gevrees dat sy getuienis vyandig sou wees, en die uitwerking daarvan dodelik. Ek het my vir 'n ernstige stryd klaargemaak — onder ander my gewapen met 'n eksemplaar van die dokter se eie proefskrif waarop hy in Duitsland gepromoveer had vammelewe: "Einleitung zur Geschichte des Kap Holländischen." En toe op die ou end het ek met 'n uitvoerige ondervraging — die ding het so vlot geloop dat 'n mens maar aangehou het — letterlik alles van Dr. Viljoen gekry wat ek wou hê, en nie met steekse teësinnig-heid van sy kant nie maar met hartlike saamstemming. Ek dink vandag met erkentelike geneëntheid aan Dr. Viljoen terug omrede van die diens wat hy daar voor die Gekose Komitee aan sy taal en sy volk bewys het.

Maar dan, eindelik, was daar die laaste en die grootste berg om oor te kom, die konstitusionele regsmoeilikheid. Vandag, agterná, kan 'n mens oor die klugspel lag, want die posisie was baie koddig. Afrikaans-voorstanders was logies gebonde aan die opvatting waartoe hulle gevoel en hulle trots hulle tegelykertyd onweerstaanbaar geneig het, dat Afrikaans 'n besonderse, selfstandige taal is. Maar volgens so 'n opvatting was die Grondwet met sy twee-derdes-slagboom onverbiddelik in hulle pad. Want hy maak voorsiening, nie vir drie tale, een Engelse en twee Hollandse

nie, maar net twee tale. Dit sou bespottelik — en onwaar — gewees het om te betoog dat sy bedoeling was om Hoog-Hollands uit te sluit en vir Afrikaans en Engels voorsiening te maak. Aan die ander kant was die teëstanders van Afrikaans se enigste grond onder hulle voete, van die "Patriot" se tyd af, konsekwent dit gewees, dat Afrikaans maar 'n vorm, 'n verslegte en verlaagde vorm, van Nederlands was — soos Melius dit uitgedruk het, was hy in dieselfde soort verhouding as pidgin-Engels teenoor Engels. Maar met hierdie standpunt weer, het hulle die beskerming van Artikel 137 prysgegee, want dan was Afrikaans nie uitgesluit nie. Dus albei partye was in die posisie dat hulle wapens tot hulp was vir die teëparty en dodelik vir hulleself, maar geeneen kon dit bekostig om die vyand se wapens teen hom te gebruik nie.

Maar dat ons van óns kant af nie darem, vir die onderhawige doel, die teëparty se standpunt geëksploiteer het nie is te veel gesê. As die leser terugkyk na die bewoording van Dr. Malan se mosie waarop die twee Huise die Gesamentlike Komitee aangestel het, sal hy sien dat daar, soos ook in die Volksraadsbesluit van 1918, gepraat word van "de Afrikaanse vorm van de Hollandse taal in plaats van de Nederlandse taal-vorm van Hollands." In my toespraak in die Senaat toe die mosie voor was, het ek by herhaling 'n sterk punt daarvan gemaak dat as Afrikaans deur Artikel 137 uitgesluit was, die President dan verplig was om die Hollandssprekende lede uit orde te reël wanneer hulle die Huis in Afrikaans toespreek. En in die loop van my vrae aan Advokaat Centlivres voor die Gekose Komitee, het ek op dieselfde punt aangedring. By voorbeeld:

Vraag. — Indien de uitlegging gegeven aan het woord "Dutch" in Artikel 137 van de Zuid-Afrika Wet Afrikaans uitsluit, dan behoort het gesproken Afrikaans in onze wet-

geving ("in our legislature" — in die Parlement) niet toegelaten te worden? Antwoord. — Neen. Ik meen dat zou een logies gevolg zijn.

My naarstigste oorpeinsing kan my tot vandag toe geen hoegenaamde moontlikheid laat insien om in hierdie redenasie 'n speld te steek nie. (Maar ek het nêrens en nooit gesê dit was my sienswyse nie — ek het gesê die Wetgewing was daaraan gebonde.)

Maar dáar was die posisie nou. Ons kant wou eenvoudig Afrikaans invoer sonder inagneming van Artiekel 137, as 'n keuse wat daarin oopgelaat was. Ons was bang ons sou nie by die twee-derdes-vereiste verby kom nie. Die ander kant was netso sterk daarvoor dat dit gebiedend nodig was om die Grondwet te wysig. En Advokaat Centlivres, wat as tegniese regskundige getuienis afgelê het, het sy kragtige steun aan die ander kant gegee. Sy redenasie was redelik en billik. Die Grondwet, the South Africa Act, is 'n Engelse wet van die Britse Parlement, en van daardie oogpunt uit, en uiteindelik deur Britse Regsgesag, sou die woord "Dutch" geïnterpreteer word. As die interpretasie dan was dat Afrikaans nie binne die bedoeling van die term lê soos daar gebesig nie, dan sou al ons wetgewende besluite en al ons Wette daarvolgens opgestel, en al die Provinsiale Wetgewing wat reeds in dieselfde vorm gemaak was, 'n blote nulliteit wees.

Nou hier was 'n kans om 'n kompromis te tref met die teëparty. "Beloof van julle kant af julle ondersteuning in die gesamentlike sitting, en ons sal van ons kant af ons standpunt laat vaar dat die wysiging van Artikel 137 onnodig is." En die kompromis het deurgegaan. Dankie vir niks, kon hulle gesê het. Maar dis 'n groot ding vir 'n man as hy 'n opinie beetgekry het om sy sin te kry en

te voel dat hy seëvier. Ons het die teëparty sy sin gegee — om Afrikaans as 'n besonderse taal te beskou (wat altyd ons standpunt was)!

Daarmee was alle besware en verskille uit die weg geruim en die Komitee tot eenparige ooreenstemming gekom. En dit het beteken dat daar later, by die Verenigde Sitting van die twee Huise, nie alleen die nodige twee-derdes se meerderheid was nie, maar (op een twyfelagtige teëstander ná) 'n eenparige stem. Aangesien daar geen verder teëstand was om te oorwin nie, is dit nie hier nodig om die latere stadiums end-uit te bespreek nie. Vir wie verder op die geskiedenis van die saak wil ingaan, is die notule en Hansards beskikbaar. Hier net 'n woordjie oor die afhandeling van die werk van die Komitee.

Op versoek van President Reitz het ek die Konsep-Rapport opgetrek, en ná voorlegging aan hom en Dr. Malan, dit op die vyfde sitting van die Komitee ingedien. Op daardie en die volgende sitting is dit oorweeg en woordelike wysigings sonder teëstem aangebring, en op die weer-volgende, en laaste, sitting eenparig aangeneem.

Ek vind geen oortolligheid van woorde in die Rapport van die Komitee sodat ek hom kan verkort sonder om hom te vermink nie. Dus moet ek hom maar volledig insit:

RAPPORT

Het Gezamenlike Komitee aangesteld door de Senaat en de Volksraad om onderzoek te doen naar en Rapport uit te brengen op het gebruik van Afrikaans in Wetsontwerpen, Wetten en Officiële Dokumenten van het Parlement, en te bestaan uit Senatoren Langenhoven, Reitz en Schweizer, de Minister van Onderwijs, de heer Krige, L.V., en Dr. van der Merwe, L.V., heeft met het volgende Rapport ingestemd:—

1. Uw Komitee heeft vergaderd en heeft het onderwerp ernaar verwezen gezamenlik overwogen en getuigenis erop ingewonnen.

2. Uw Komitee heeft de vraag overwogen of het woord "hollandse" in Artikel *honderd zeven en dertig* en in andere artikels van de Zuid Afrika Wet gelezen moet worden als insluitende beide het Nederlands en het Afrikaans, en de noodwendig daaraan voorafgaande vraag, of het Afrikaans, taalkundig beschouwd, een zelfstandige taal is, dan wel of beide vormen van dezelfde taal zijn.

3. Met het oog op wat hier volgt, beschouwt uw Komitee dat het voor het tegenwoordige doel onnodig is over een of beide van de genoemde vragen een beslissing te geven. Er bestaat ten minste genoegzame twijfel, ook in gezaghebbende kringen, om het wenselik te maken dat er een formele en afdoende interpretatie van de bestaande wetsbepaling zal gegeven worden.

4. Intussen is er reeds, beide van wege het Parlement en door ondergeschikte wetgevende en administratieve lichamen, op de veronderstelling gehandeld, waarover er nog geen gezaghebbende rechtsuitspraak gevallen is, dat het Afrikaans wel inbegrepen is in de desbetreffende voorzieningen van de Zuid Afrika Wet. Uw Komitee beschouwt het wenselik dat gemelde stappen formeel bekrachtigd worden ten einde alle twijfel omtrent de wettigheid daarvan te verwijderen.

5. Over de noodzakelikheid om dadelik over te gaan tot het vervangen van het Nederlands door het Afrikaans in Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement alsook in officiële stukken van beide Huizen, koestert uw Komitee geen twijfel. Op grond van bevoegde getuigenis is uw Komitee overtuigd dat zodanige stap een vereiste is in het algemeen belang en voor de doelmatigheid van de funkties van de Wetgeving zelf; dat de overgang geen gewichtige praktiese moeilikheden zal behoeven te overkomen die niet reeds met goed gevolg en zonder vermeerdering van onkosten of ont-

wrichting van machinerie in andere staatsaangelegenheden overkomen zijn; dat zulke moeilikheden als zich wel mogen voordoen niet door uitstel zouden verminderd maar veeleer verergerd worden; en dat het geopperde bezwaar als zou het Afrikaans in zijn geschreven vorm zonder norm of standaard zijn, ongegrond is.

6. Er bestaat nog geen volledig en gezaghebbend woordeboek in het Afrikaans. Hierin dient, naar de mening van uw Komitee, zo spoedig mogelik voorziening gemaakt te worden als een vereiste voor officiële zowel als opvoedkundige en algemene doeleinden. Met het oog op de beperkte omvang van de betrokken bevolking en de daardoor te verwachten beperktheid van aanvraag en cirkulatie, kunnen de kosten aan zulk een onderneming verbonden, prohibitief zijn en de vroegtijdige verschijning van zulk een werk in de weg staan.

7. Daarom beveelt uw Komitee aan:

(a) Dat in overeenstemming met Artikel *honderd twee en vijftig* van de Zuid Afrika Wet, het volgende verklarende Wetsontwerp ingediend worde:

WETSONTWERP

Om twijfel aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in Artikel honderd zeven en dertig *van de Zuid Afrika Wet 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, weg te nemen.*

Nademaal er twijfel ontstaan is aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in de Zuid-Afrika Wet, 1909;

En nademaal het dienstig is die twijfel weg te nemen;

Zij het bepaald door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuid-Afrika, als volgt:—

(1) Het woord "hollandse" in artikel honderd zeven en dertig *van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.*

(2) Deze Wet kan voor alle doeleinden worden aangehaald als de Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925, en wordt geacht van kracht geweest te zijn vanaf de een en dertigste dag van Mei 1910.

(b) Dat van het begin van de eerste Sessie van het jaar 1926 het Nederlands voor de in paragraaf 5 genoemde parlementaire doeleinden door het Afrikaans vervangen worde.

(c) Dat de Regering de wenselikheid overwege voorziening te maken voor een geldelike Staatstoelaag aan zodanige persoon of firma, die, tot bevrediging van de Regering, de samenstelling van een standaard-Afrikaans woordeboek onderneemt.

8. En uw Komitee heeft gelast dat de Notulen van Getuigenis ervoor afgenomen tezamen met Aanhangsels aan beide Huizen gerapporteerd worden.

F. W. REITZ,
Voorzitter.

Komitee Kamers,
Parlementshuis,
12 Maart 1925.

Op die 25ste Maart, 1925, het President Reitz as Voorsitter die Rapport voor die Senaat gebring. Ek is so vry om in verband met die bespreking daar twee eerbewyse uit Hansard aan te haal wat ek op hoë prys gestel het. Instede van die Huis self toe te spreek oor sy voorstel om die Rapport aan te neem, het President Reitz my daar en dan (sonder kennis vooraf) versoek om dit te doen:

SENATOR REITZ: Ek sal die taak aan Senator Langenhoven oorlaat om die saak toe te lig; hy kan dit beter doen as ek, en ek hoop ook dat hy dit in beide tale sal doen, sodat ook ons Engelse vriende sal verstaan wat gedaan is deur die Gesamentlike Komitee.

My byna-gewone parlementêre gebruik volgende om nie te handhaaf nie het ek dan die Huis in Engels toegespreek. Van daardie kant af het ek die volgende erkentenis ontvang:

SENATOR CHURCHILL: Ek is seker dat die Huis met buitengewone aandag geluister het na die baie bekwame toespraak van Senator Langenhoven, en ek wil hom graag persoonlik bedank vir die duidelike wyse waarop hy die wetlike en ander vraagstukke in verband met die saak aan ons voorgelê het.

*

En hier, behoudens 'n kort opsomming wat as slot sal volg, kan ek gevoeglik die rekenskappie afsluit.

Hoofstuk IX

OPSOMMING EN SLOT

Ek het gesê dat ek die rekenskap wat ek te gee had van my aandeel aan die taalstryd maar sou afsluit by die endpaal van die voldonge parlementêre oorwinning in 1925. Nie dat my diens, vir wat hy wêrd was, daar opgehou het nie. Met my menigwerf van bo af verguisde, maar nie deur die volk van onder af versmaaide, bydrae tot die groot werk van voorsiening in ons dood-armoedige gebrek aan leesstof het ek aangehou tot vandag toe en sal ek aanhou, na die mate van die vermoëns wat my geskenk is en die kragte wat my nog geskenk mag word, tot my dood toe. Verder was ek, sedert 1925, nog maar altyd herhaaldelik noodgedwonge tot verder polemiek, nie nou meer teen buiteteëstanders nie, maar teen afbrekers van binne wat met allerlei vrome voorwendsels van "welbegrepe belang" en hoë kuns-eise die eeue-oue farisese skrifgeleerde gebruik voortsit om self nie die koninkryk van die hemele in te gaan nie en ander te verhinder wat sou ingegaan het. Maar die stryd teen die formele gesag van staat en kerk en skool waartoe ek my in 1912 op gevorderde leeftyd saam ingespan het met ander stryders wat geveg het toe ek geslaap het, het met die triomf van 1925 op 'n end geloop.

En nou vandag terugsiende op daardie twaalf-veertien jaar se skoffies op my lewenstog staan ek my verbaas oor die geleëntheid en die krag en die lus wat saamgetref het tot bruikbaarheid van die diens van 'n man wat eenvoudig is

van bekwaamheid, sonder die invloed van leierskap, takteloos van politieke beleid, onbevoorreg met die geaardheid wat maklik vriende maak, onderhewig aan duisend gebreke en tekortkomings wat dit oorbodig sou wees om eens te noem.

Maar so terugsiende, met die kalme selfbeoordeling wat die seën en die vloek van die gewoonte-dinker is, kan ek my nie tot die mening beweeg dat 'n weg van verstandige beraad my verder sou gebring het as die van halsoorkoppige onbesonnenheid wat ek oor die algemeen gevolg het nie. Elkeen slaag beste na sy slag; vandag is daar diens vir die bedaarde, môre vir die onstuimige; wanneer daar moet vuurgemaak word, help dit nie om water aan te dra nie; waar mooipraat nie deug nie, deug sagte vuishoue nog slegter.

Hiervan dink ek nie kan ek 'n beter voorbeeld gee nie as in my optree teen Nederlands — ten koste van die ongelukkige indruk wat dit voortdurend verwek het, van vyandiggesindheid. Had ek, soos my verstandige wapenbroers, Nederlands aan die hand gehou as 'n bondgenoot en Engels bestry as die enigste vyand, dan had ek nooit die Engelse ondersteuning gekry waarsonder my eerste poginkie in die Provinsiale Raad reeds hopeloos sou misluk het nie. Ek ook dit was nie 'n saak van berekende taktiek nie maar soos dit vir my eenvoudige vernuf gelyk het en vandag nog lyk, 'n saak van blote logika. Engels moes, en sou, in elke geval voortbly en die helfte van die terrein behou; die ander helfte, óns helfte, moes op een of ander manier tussen Afrikaans en Nederlands verdeel word — van hierdie twee kon die een alleen plek kry waar hy die ander kon weghou. Wat alle gesagte betref, had Nederlands honderd jaar lank die plek, teenoor Afrikaans, vir hom alleen; en hy het bewys dat hy totaal onmagtig was om hom staande te hou. Noudat Afrikaans daardie plek ingeneem het, het

hy in weinige jare, beginnende met niks, 'n baie ander soort resultaat gewys. Maar nog — en wat my betref het, eers sedert 1925 — bly die groot stryd van wedywer en handhawing tussen Hollands en Engels oor om onvermoeid voort te sit. Dis nie meer 'n stryd van propaganda en politiek, van kultuurkongresse en anglisisme-jagtogte nie — dis nou die stryd van die strenger toets van gebruik en volharding en toewyding. Ons het ons transport gekry; ons moet ons halwe erfplaas met ywer bewerk en die skeidingslyn tussen ons en die besitters van die ander helfte met jaloerse waaksaamheid op sy plek hou en keer dat hulle nie oortree nie — hulle sal mans genoeg wees om van hulle kant te sorg dat óns nie oortree nie.

*

Met die reeksie wat nou hier op 'n end loop het ek my stout gemaak om te onderneem om rekenskap te gee, en daarom moes die rekenskap na die beste van my wil en wete redelik volledig wees. Maar nou, die baie bietjies, soos hulle in die verhaal stap vir stap snel op mekaar volg, kan in die saamhoping lyk na 'n groot hoeveelheid. En omdat dit een man se verhaal is van daardie een man se eie werk, met verswyging van wat al die ander gedoen het, mis dit die verhouding waarsonder geen waarde geskat kan word nie; daar is niks om aan te dui van watter groot geheel hierdie stukkies diens maar geringe deeltjies was nie. Maar die doel was nie hier, netso min as wat die bevoegdheid beskikbaar was, om vergelykende waardes te weeg nie. As ek dit moes doen sou ek die maat van my eie bydraag baie klein reken, en dit om redes wat voor die hand lê.

Want, om mee te begint, toe ek my in 1912, in my veertigste jaar eers, aangemeld het as vrywilliger om saam

ingespan te word in die ploeg, was die akker klaar skoongemaak deur my voorgangers wat die hitte van die dag en die koue van die nag verduur het vir 'n volks-ideaal, met smaad vir hulle loon en mislukking vir hulle besieling, terwyl ek besig was om my tyd te verkwis.

Ten tweede was daar vir die stukkie van die taak wat ek uitgevoer het geen danige bekwaamheid nodig nie of daar sou 'n meerdere as ek nodig gewees het om dit reg te kry. Dit het gegaan soos in my beroeps-praktyk. Ek het baie sake voor die Waterhof waargeneem en min daarvan verloor, maar dié wat ek daar gebring het was uitgesoektes. Die ander het ek my kliënte geraai om vooraf te skik of anders bekwamer hulp as myne te kry. Vir 'n vanselfsprekend billike en regvêrdige saak is geen buitengewone advokaatsvernuf nodig nie. So was dit met die Afrikaanse saak. As ek vandag nog die ontsaglike menigte van stukke polemiek nalees wat ek in die dae van my apostelskap geskryf het, kan ek daar geen vindingrykheid of oorspronklikheid van argumentasie bespeur wat nie in elke ander eenvoudige mens se gedagtes kon opgekom het nie. Die Afrikaanse saak was van die soort sake wat hulle self wen.

Ten derde was almal van ons wat gewerk het, maar die gereedskap van 'n selfbewus- en doelbewus-geworde volk. Nie hierdie werker en nie daardie stryer, en nie almal saam nie, maar die Afrikaanse volk, het vir ons gebring waar ons vandag is. Deur al die geslagte van ons verlede heen vandat ons 'n nasie geword het was ons nie alleen sonder die vermoë om aan ons eie wil uitvoering te gee nie maar sonder die mond om daaraan uiting te gee, 'n nasie sonder onafhanklikheid, sonder vlag, sonder taal. En toe, met die skielikheid van 'n ontploffing, in weinige jare, in 'n tydlengte wat in die lewe van 'n volk as 'n oomblik moet tel, val die verwesenliking van al hierdie dinge soos uit die hemel tegelyk

in ons skoot. Uit die hemel, ja; die meules van God maal langsaam maar hulle maal fyn. Hier, vandag en gister, in ons eie leeftyd, onder ons oë, het die wonder-omwenteling van die goue periode van ons geskiedenis tot stand gekom. Maar dis die ontknoping van drade wat daar ver, ver uit die verlede kom; van worstelings en smagtings en versugtings en lydings en nederlae wat ons vaders en moeders verduur het om vir ons die oorwinning ná te laat. Had hulle nie getrou gebly toe getrouheid dwaasheid was, en wanhopig volhard om te stry vir 'n hoop wat hulle self nooit verwesenlik kon sien nie, dan nie alleen was ons werk, om maar die oes in te samel, ydel nie; daar sou geen werkers gewees het en geen oes om in te samel nie. Ons, insamelaars, was self 'n deel van die oes.

*

Die leser sal sê dat ek my langsaam haas om op 'n end te kom. Maar nou tog ten uiteindelike slotte dit. Nie uit aangestelde beskeidenheid nie — ek is nie tot soiets instaat nie — maar om nou darem 'n ding te sê soos hy is, moet ek hier met die meeste erns betuig dat ek geen dank verdien vir my Afrikaanse diens nie. Afgesien daarvan dat ek my markwaarde van geldelike vergoeding vir my werk ontvang het, is daar geen deug by inspanning wat geen selfverloëning eis nie omdat dit in eie hartelus sy aansporing vind.

En al het ek in wat hier voorgaan, en in my eie oë, my dienste ook tienmaal vergroot deur onbewuste eiewaan, dan nog, selfs op die hoogte van daardie oordrywing, kan ek nie anders nie as om te voel dat dit my persoonlik allerminste sou pas om te praat van wat ek vir Afrikaans gedoen het. Wat my pas is om te streef na die verskuldigde besef van wat Afrikaans vir my gedoen het. Hy het my

geleer wat dit beteken om deur 'n oorweldigende hartstog beheers te word, om saligheid te win uit liefdediens, om die koninkryk van die hemele te vind in 'n lewens-roeping op die aarde, om 'n belang voor oë te hou wat oneindig groter is as my niks-beduidende eie belang. In ons wonderlike Afrikaans, gebore uit die nederige behoeftes en die ongekunstelde siel van die onbevoorregte plattelander, die boer en die bywoner, die veewagter en die dagloner, waarin jy alles kan sê, van die laagste tot die hoogste, van die vuilste tot die reinste, van die lelikste tot die skoonste, beter as in al die hoog-ontwikkelde tale van die wêreld, het ek gevind my pêrel van grote waarde waarvoor dit 'n goedkoop prys sou gewees het, as ek tot die betaling geroepe was, om al my ander besittings af te staan.